

# **KOHERENSIESIN, COPING, UITBRANDING EN BEGEESTERING IN DIE BEDIENING**

**F. J. Redelinghuys, B.A. Hons; B.D.**

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium in  
Bedryfsielkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

**Studieleier:** Prof. S. Rothmann  
November 2003  
Potchefstroom

## OPMERKINGS

Die volgende word onder die leser se aandag gebring:

- Die skryfstyl sowel as teksverwysings en bronnelys soos voorgeskryf deur die *Publikasie Handleiding (4<sup>de</sup> uitgawe)* van die Amerikaanse Sielkundige Vereniging (APA), word in hierdie skripsie gevolg. Hierdie gebruik is in ooreenstemming met die beleid van die Program in Bedryfsielkunde aan die PU vir CHO, naamlik om vanaf Januarie 1999 APA riglyne in alle wetenskaplike dokumentasie te volg.
- Hierdie skripsie word gelewer in die vorm van 'n navorsingsartikel. Die voorgeskrewe skryfstyl van die *Suid Afrikaanse Tydskrif vir Bedryfsielkunde* (en wat met die APA styl ooreenstem) is gebruik, maar APA riglyne is in die tabelle gevolg.

## ERKENNINGS

Die volgende persone en instansies word bedank vir hul bydraes tot die suksesvolle voltooiing van hierdie skripsie:

- Ons Hemelse Vader, wat toe inderdaad oneindig meer gedoen het as wat ek kon bid of dink (Ef. 3: 20).
- My vrou Lia, en kinders Riana, Maryke en Francois, vir meer liefde, ondersteuning en geduld as wat ek ooit kon verdien.
- My ouers, Martyn en Babs Redelinghuys, wat altyd 'n gasvrye plekkie gehad waar ek kon oorbly.
- My studieleier, Prof. Ian Rothmann, vir sy persoonlike betrokkenheid, ondersteuning, en bekwame leiding die afgelope vyf jaar asook die statistiese verwerkings.
- My vriend, Dr. Jan Vorster, vir hulp met meer stukkende rekenaars as wat ek kan tel.
- Ons vriende, Claus en Karen Lippert, vir jare se emosionele en finansiële ondersteuning.
- Erika Rood en personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek, vir deurlopende bekwame en vriendelike hulp.
- Personeel van die Hervormde Kerk se Sinodale kantoor, vir hulp met die versending van vraelyste.
- Predikante van die Hervormde Kerk wat die moeite gedoen het om die vraelyste te voltooi.

# INHOUDSOPGAWE

	<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING</b>	1
1.1	Probleemstelling	1
1.2	Navorsingdoelstellings	9
1.2.1	Algemene doelstelling	9
1.2.2	Spesifieke doelstellings	9
1.3	Navorsingshipotese	9
1.4	Navorsingsmetode	10
1.4.1	Literatuuroorsig	10
1.4.2	Empiriese ondersoek	10
1.4.2.1	Navorsingsontwerp	10
1.4.2.2	Studiepopulasie	11
1.4.2.3	Meetinstrumente	11
1.4.2.4	Statistiese ontleding	13
1.5	Hoofstukindeling	14
1.6	Hoofstukopsomming	14
	<b>HOOFSTUK 2: NAVORSINGSARTIKEL</b>	15
	<b>HOOFSTUK 3: GEVOLGTREKKINGS, TEKORTKOMINGS EN AANBEVELINGS</b>	55
3.1	Gevolgtrekkings	55
3.2	Tekortkomings	59
3.3	Aanbevelings	60
3.3.1	Aanbevelings vir die organisasie	60
3.3.2	Aanbevelings vir verdere navorsing	62
	<b>BRONNELYS</b>	63

## LYS VAN TABELLE

<b>Tabel</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Bladsy</b>
Tabel 1	Samestelling van Totale Populasie Predikante, Steekproef getrek en Vraelysrespons	27
Tabel 2	Faktorbeladings, Kommunaliteite, Persentasie Variansie en Kovariansie Verklaar vir Hoofkomponente Faktorontleding en Ortogonale Varimax Rotasie op Items van die COPE	33
Tabel 3	Passingstatistieke van 3-Faktormodelle van die MBI-HSS vir Predikante	34
Tabel 4	Beskrywende Statistiek, Cronbach Alfaïkoeffisiënte en Inter-Item Korrelasieïkoeffisiënte van die Meetinstrumente	35
Tabel 5	Pearson Produk-Moment Korrelasieïkoeffisiënte tussen Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeestering	36
Tabel 6	Verskille in Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeestering met betrekking tot Kategorie Predikant	37
Tabel 7	Verskille in Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeestering onder Predikante met betrekking tot Ouderdom	38
Tabel 8	Meervoudige Regressie met Koherensiesin en 'n 3-Faktormodel van die COPE as Onafhanklike Veranderlikes, en die Dimensies van Uitbranding as Afhanklike Veranderlikes	39
Tabel 9	Resultate van die Kanoniese Ontleding: Koherensiesin, Coping en Uitbranding	40
Tabel 10	Resultate van die Kanoniese Ontleding: Koherensiesin, Coping en Uitbranding (sonder Persoonlike Bereiking)	41
Tabel 11	Resultate van die Kanoniese Ontleding: Koherensiesin, Coping, Persoonlike Bereiking en Begeestering	42

## ABSTRACT

**Title:** Sense of coherence, coping, burnout and engagement in the ministry

**Key terms:** Sense of coherence, coping, burnout, engagement, clergy, salutogenesis, fortigenesis

Not much research regarding burnout amongst clergy in South Africa has been done. Recently a shift in the direction of positive psychology or salutogenesis took place and which highlighted two relatively new constructs, namely sense of coherence and engagement. Previous research in the “Nederduitse Gereformeerde Kerk” (NG Church) found a correlation between sense of coherence and burnout. In the “Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika” (NH Church) however, no research regarding burnout within a salutogenic paradigm was ever done.

The general objective of this research was to determine the levels and relationship of sense of coherence, coping, burnout and engagement amongst ministers of the NH Church. A cross-sectional research design was used. The Orientation to Life Questionnaire (OLQ), COPE-Questionnaire (COPE), Maslach Burnout Inventory-Human Services Survey (MBI-HSS) and the Utrecht Work Engagement Scale (UWES) were used as measuring instruments on a stratified random (proportional) sample ( $n = 200$ ) of ministers of the NH Church and from which 87 useable responses were received. Structural equation modelling was applied on the MBI-HSS to confirm a three-factor model with best fit. Cronbach alpha coefficients, inter-item correlation coefficients and factor analysis were used to determine the reliability and validity of the measuring instruments. Descriptive statistics, Pearson-product correlation coefficients, canonical correlation coefficients, and analysis of variance were used to analyse the data.

The results showed that high levels of sense of coherence, approach coping and high levels of engagement are related to low levels of burnout, while venting of emotions are related to high levels of burnout. It was also found that sense of coherence and coping predicted emotional exhaustion, depersonalisation and personal accomplishment. Furthermore, it was found that levels of emotional exhaustion for ministers in the age group 25-29, were consistently lower than that of any other age group in the sample, while levels for the age group 50-65 were also

lower than that for ministers in the age groups 30-39 and 40-49, but still higher than levels for age group 25-29.

Limitations of the study and recommendations regarding the organisation and future research were indicated.

## OPSOMMING

**Titel:** Koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering in die bediening.

**Sleuteltermes:** Koherensiesin, coping, uitbranding, begeestering, predikante, salutogenese, fortigenese

Navorsing oor uitbranding onder predikante, veral in Suid Afrikaanse konteks, is beperk. Onlangs was daar 'n verskuiwing in die rigting van positiewe sielkunde of salutogenese, wat die konstrakte van koherensiesin en begeestering na vore gebring het. Vorige navorsing het 'n verband tussen koherensiesin en uitbranding onder predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) gevind. Daar is nog nie vantevore navorsing oor uitbranding onder predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NH Kerk) vanuit 'n salutogene paradigma gedoen nie.

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing was om die vlakke en onderlinge verhoudings van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering vir predikante van die NH Kerk te bepaal. 'n Dwarssnee opname-ontwerp is as navorsingsontwerp gebruik. Die Lewensoriëntasie-vraelys (LOV), COPE-vraelys (COPE), Maslach Uitbrandingsvraelys – Mensdienste-opname (MBI-HSS) en Utrecht Werkbegeesteringskaal (UWES) is as meetinstrumente gebruik en toegepas op 'n gestratifiseerde ewekansige (eweredige) steekproef ( $n = 200$ ) predikante van die NH Kerk en waarvan 87 bruikbare response terugontvang is. Strukturele vergelykingsmodellering is op die MBI-HSS toegepas om 'n drie-faktor struktuur met beste passing te bevestig. Cronbach alfakoëffisiënte, inter-item korrelasies en faktorontleding is gebruik om die betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrumente te bepaal. Beskrywende statistiek, Pearson produk-moment korrelasiekoëffisiënte, kanoniese korrelasiekoëffisiënte en variansieanalise is gebruik om die data te ontleed.

Die resultate het getoon dat hoë vlakke van koherensiesin, benaderings-coping en hoë vlakke van begeestering met lae vlakke van uitbranding verband hou, terwyl emosionele ontlasting met hoë vlakke van uitbranding verbind kan word. Daar is ook gevind dat koherensiesin en coping wel emosionele uitputting, depersonalisasie en persoonlike bereiking voorspel. Verder is gevind dat predikante van 25-29 jaar minder emosioneel uitgeput is as al hul ouer kollegas,

terwyl predikante in die ouderdomsgroep 50-65 jaar ook minder emosioneel uitgeput is as dominees van 30-39 en 40-49 jaar, maar steeds meer emosioneel uitgeput as die ouderdomsgroep 25-29 jaar.

Tekortkomings van die studie, aanbevelings ten opsigte van die organisasie en verdere navorsingsmoontlikhede is aangedui.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

Koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering en die moontlike onderlinge verhoudings tussen hierdie konstruksie in die werkskonteks van predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NH Kerk), word in hierdie navorsing binne die vakgebied van die bedryfsielkunde bestudeer, met besondere fokus op die velde van beide personeel- en organisasiesielkunde.

Hierdie hoofstuk fokus op die probleemstelling, navorsingdoelstellings, navorsingshipotese en navorsingsmetode. Die hoofstukindeling word ook aangedui.

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

Stres het amper endemies in die werkplek geword. As gevolg van die steeds veranderende aard en wêreld van werk, ervaar werknemers toenemende werkstres, met gepaardgaande eskalering van werkstres-verwante gesondheidsprobleme en waaraan astronomiese kostes verbonde is (Geurts & Gründemann, 1999; Kompier & Cooper, 1999; Schaufeli & Enzmann, 1998). Stres beïnvloed egter feitlik alle domeine van bestaan. Navorsing bevestig die oorsluit-effek van stres tussen verskillende lewensdomeine (Hobfoll & Freedy, 1993; Leiter & Durup, 1996; Maslach, Schaufeli & Leiter, 2001). Daar kan dus verwag word dat werkstres ook 'n invloed op ander lewensdomeine sal uitoefen (en andersom).

Stres word gekonseptualiseer as 'n uitdrukking van die manier waarop die mens met sy omgewing en die eise wat daardeur aan hom gestel word omgaan, sowel as die wyse waarop hy die eise wat hy innerlik aan homself stel, hanteer (Roos & Möller, 1989). Psigologiese stres word soos volg deur Lazarus en Folkman gedefinieer (1984, p. 19): "Psychological stress is a particular relationship between the person and the environment that is appraised by the person as taxing or exceeding his or her resources and endangering his or her well-being". Die individu speel dus 'n aktiewe rol in die beoordeling van stres, in terme waarvan bepaalde betekenis aan stressore gegee word en waarvolgens 'n situasie dan as stresvol en/of bedreigend geïdentifiseer word (Cartwright & Cooper, 1996). Die identifisering van stres deur die individu bepaal die stresvlak op 'n kontinuum tussen eustres en distres en kan, indien

nie suksesvol hanteer word nie, uiteindelik tot verskillende vlakke van uitbranding lei (Leiter, 1991; Maslach & Jackson, 1986; Schaufeli & Buunk, 2002; Van Graan, 2002). Navorsing onder onderwysers van kindersorgskole in Suid Afrika het 'n verband tussen stres- en uitbrandingsvlakke bevestig (Redelinghuys, 1992).

Die term uitbranding (“burnout”) as metaforiese beskrywing, verwys normaalweg na 'n proses van geestelike en emosionele (“mental”) uitputting, soortgelyk aan die uitdoof van 'n vuur of kers (Schaufeli & Buunk, 2002). Uitbranding word gekonseptualiseer as 'n psigologiese sindroom wat ontstaan as respons op chroniese emosionele en interpersoonlike werkstressore (Maslach et al., 2001; Schaufeli & Enzmann, 1998). Dit is 'n unieke multidimensionele chroniese stresreaksie op stresvolle werksomstandighede en word al meer gesien as ekstreme respons op, en die gevolg van, 'n negatiewe interaksie tussen die werkplek en die individu, wat veroorsaak dat individue nie langer effektief kan funksioneer nie (Maslach et al., 2001; Swart, 2002).

Uitbranding het as maatskaplike probleem in hulpverlenende beroepe ontstaan. Maslach en Jackson (1986, p. 1) konseptualiseer uitbranding met die ontwikkeling van die *Maslach Uitbrandingsvraelys - Mensdienste-opname* (MBI-HSS) as 'n werksverwante sindroom wat veral in die hulpverlenende beroepe manifesteer: “Burnout is a syndrome of emotional exhaustion, depersonalisation, and reduced personal accomplishment that can occur among individuals who do 'people work' of some kind”. Hierdie konseptualisering word steeds deur meer as 91% van alle empiriese navorsing gevolg (Schaufeli & Buunk, 2002). Sedert die publikasie van die *Maslach Uitbrandingsvraelys – Algemene-opname* (MBI-GS) in 1996, word uitbranding egter ook toenemend buite die tradisionele hulpverlenende beroepe bestudeer (Maslach et al., 2001; Schaufeli, Martinez, Pinto, Salanova & Bakker, 2002; Winnubst, 1993).

Drie sleuteldimensies van uitbranding word onderskei, naamlik emosionele uitputting as eerste en mees kenmerkende dimensie, 'n tweede dimensie wat gekenmerk word deur gevoelens van sinisme en afsydigheid (depersonalisasie) en wat kan dien as poging om die uitputtingsdimensie te hanteer (Maslach et al., 2001), en die ervaring van oneffektiwiteit of onbekwaamheid as derde dimensie wat skynbaar parallel met die eerste twee ontstaan (Leiter, 1993; Maslach et al., 2001). Emosionele uitputting verteenwoordig die individuele stresdimensie van uitbranding en verwys na gevoelens van ooreising en die lediging van

emosionele en fisieke hulpbronne. Sinisme (of depersonalisasie) verteenwoordig die interpersoonlike dimensie van uitbranding en verwys na negatiewe, gevoellose of ekstreem-afsydige response op verskeie werksaspekte. Verminderde prestasie of effektiwiteit verteenwoordig die dimensie van selfevaluasie en verwys na gevoelens van onbekwaamheid met betrekking tot die werksituasie (Maslach et al., 2001).

Uitbranding as navorsingskonstruk ondergaan egter steeds ontwikkeling en tans bestaan daar nog nie 'n oorkoepelende teoretiese model wat die komplekse interaksie tussen 'n magdom faktore en oor ten minste vier vlakke (individueel, interpersoonlik, organisatories en maatskaplik) genoegsaam ondervang nie (Schaufeli & Enzmann, 1998). Schaufeli en Buunk (2002, p. 9) benader uitbranding uiteindelik op sintetiese wyse in 'n werksdefinisie soos volg: “Burnout is a persistent, negative, work-related state of mind in 'normal' individuals that is primarily characterized by exhaustion, which is accompanied by distress, a sense of reduced effectiveness, decreased motivation, and the development of dysfunctional attitudes and behaviours at work. This psychological condition develops gradually but may remain unnoticed for a long time for the individual involved. It results from a misfit between intentions and reality at the job. Often burnout is self-perpetuating because of inadequate coping strategies that are associated with the syndrome”.

Predikante is as hulpverleners ook blootgestel aan veeleisende werksomstandighede met unieke werksverwante stressore (soos oorlading, tydsdruk, lang werksure, rolkonflik en rolonduidelikheid), maar ook unieke klientverwante stressore (soos kontak met hulpsoekers met probleme, gereelde kontak met chroniese siek, terminale of sterwende kliënte) en wat 'n hoë korrelasie met uitbranding toon (Swart, 2002). Predikante het verder 'n unieke posisie onder die hulpverlenende beroepe aangesien hulle, benewens die eise wat kliënte aan hulle stel, gewoonlik ook hul beroep as Goddelike roeping beleef en dus in die stresvolle interaksie van 'n gelyktydige roeping (deur God) en verwagtinge van mense leef (Swart, 2002). Ter illustrasie hiervan word Oswald (1995) deur Swart (2002, p. 16) soos volg aangehaal: “We view everyone in need as the voice of God calling us into service. Every time they needed something of me, it was God calling me. But their needs were insatiable. In my exhaustion, I saw my people as the enemy”.

Op grond van navorsing wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) gedoen is, kan die gevolgtrekking gemaak word dat predikante 'n hoë risiko ten opsigte van uitbranding

het en dat uitbranding wel by predikante van die NG Kerk aangetref word (Malan, 2000; Malan & De Bruin, 2001; Odendal, 1984; Smuts 1988; Swart, 1999; Swart 2002). Swart (2002, p. 140) haal Oswald (1995) aan wat dit as die “disease of the committed” beskryf en bevind het dat 20% van predikante 'n hoë mate van uitbranding ervaar, en wat styg tot 50% vir predikante wat 10 jaar of langer in die bediening is. Swart (1999, 2002) het getoon dat 'n verskeidenheid faktore hiertoe bydra. Hieronder tel aspekte inherent aan die sosiale konteks van die gemeente, persoonlikheidsaspekte van die predikant, onvoldoende sosiale ondersteuning (Cohen & Wills, 1985; Maslach et al., 2001), gebrek aan individuele-, bestuurs- en interpersoonlike vaardighede, roldubbelsinnigheid en -verwagtings, gebrek aan hulpbronne en administratiewe ondersteuning, weinig terugvoer of sigbare werksresultate, geen skeiding tussen werks-, privaat- en gesinslewe, onvoldoende wederkerigheid, gebrekkige kontrole, outonomie, deelname aan besluite en bestuursaspekte in die gemeente (Karasek & Theorell, 1990; Maslach et al., 2001), lae mobiliteit, onvoldoende wegbreekgeleenthede en eise wat die beskikbare hulpbronne oorskry.

Navorsing onder predikante van die NG Kerk het bevestig dat talle predikante hul werksomstandighede, opleiding en persoonlike welsyn negatief evalueer en wat kan oorvloei na ander areas van hul lewens (Malan, 2000; Swart, 2002). Ook predikante ervaar die progressiewe verlies aan betekenis, bevrediging, idealisme en doelgerigte gedrag wat ervaar word deur ander persone, ook in hulpverlenende professies, wat uitbranding het. Ook by predikante lei uitbranding tot toenemende verlies aan betekenis, bevrediging en ideale, frustrasie en wanhoop. Die oorheersende gevoel van moegheid, moedeloosheid, hulpeloosheid en hopeloosheid kom ook by predikante voor. Die persepsie bestaan ook by predikante dat dit onmoontlik is om uit die situasie te ontsnap, dat daar geen uitkoms is nie, dat alle sin verloor is en alle verwagtinge misluk het (Pines, 1993; Swart, 1999, pp. 182-183).

Resultate van 'n kwalitatiewe loodsstudie, wat in opdrag van die 63ste Algemene Kerkvergadering (AKV, 1992) van die NH Kerk onder predikante van die betrokke kerkgroep onderneem is, stem grootliks ooreen met die bevindings van navorsing onder predikante van die NG Kerk. Die doel van die loodsstudie ( $N = 72$ ), wat uit fokusgroeponderhoude bestaan het, was tweërlei: Enersyds om te bepaal waarom predikante van die kerk toenemend die bediening verlaat, en andersyds om 'n effektiewe strategie met die oog op die skepping van 'n salutogene kultuur in die kerk te fasiliteer (Van Biljon, 1997). Die ondersoek het getoon dat daar verskeie stressore van verskillende aard op predikante van die

betrokke kerk inwerk, wat as gevolg van verskeie faktore (waaronder disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling) nie altyd genoegsaam hanteer word nie en wat tot stres aanleiding gee. Die navorsingspan was van mening dat daar voldoende navorsingsmateriaal vir beduidende kwantitatiewe navorsing gegenereer is en voortgaande navorsing in hierdie verband is ook aanbeveel (Van Biljon, 1997).

Coping\* word as belangrike moderator met betrekking tot die hantering van stres beskou, en verwys na enige respons of poging deur die individu om emosionele distres te voorkom, vermy of beheer (Zeidner & Endler, 1996). Lazarus en Folkman (1984, p.141) definieer coping soos volg: "...constantly changing cognitive and behavioral efforts to manage specific external and/or internal demands that are appraised as taxing or exceeding the resources of the person". Coping kan dus gesien word as pogings om situasies te hanteer wat as potensieel skadelik of stresvol beoordeel word (Kleinke 1998). Navorsing bevestig dat oneffektiewe coping hoër vlakke van depressie en angs tot gevolg het (Carver, Scheier & Weintraub, 1989). 'n Respons wat egter die eustres-distres kontinuum effektief beheer, word as effektiewe coping beskou (Cartwright & Cooper, 1996). Volgens Schaufeli en Enzmann (1998) maak individue wat hoër uitbrandingsvlakke toon, merendeels gebruik van passiewe en defensiewe coping meganismes, terwyl individue wat konfronterende coping strategieë benut, laer vlakke van uitbranding toon (Leiter, 1991; Storm & Rothmann, 2003). Daar kan dus verwag word dat predikante wat nie daarin slaag om deur suksesvolle response op stressore die eustres-distres kontinuum effektief te beheer nie, aan matige tot hoër vlakke van uitbranding sal ly.

Daar word in die literatuur onderskei tussen coping as strategie en coping as gevolg of resultaat. Coping as strategie verwys na verskillende metodes wat individue aanwend om sy of haar omstandighede te bestuur, terwyl coping as resultaat verwys na die eventuele uitkoms van 'n bepaalde strategie (Basson, Basson, Rothmann & Rothmann, 2001). Vir doeleindes van hierdie studie val die fokus op coping as strategie. Daar word ook in die literatuur onderskei tussen probleem-gefokusde en emosioneel-gefokusde coping (Cartwright & Cooper, 1996; Lazarus & Folkman, 1984). Eersgenoemde fokus op probleemoplossende optrede om die bron van stres te verander, terwyl laasgenoemde eerder fokus op die hantering van emosionele distres wat met die situasie geassosieer word (Carver et al., 1989). Navorsing

---

\* Weens gebrek aan 'n geskikte Afrikaanse ekwivalent word in die bespreking deurgaans na coping verwys

het bevestig dat disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling 'n belangrike rol in die voorspelling van coping speel (Krohne, 1996). Carver et al. (1989) het 'n disposisionele coping-vraelys ontwikkel deur deelnemers te vra wat hulle gewoonlik in stresvolle situasies doen en wat bekend staan as die *Coping Orientation to Problems Experienced Scale* (COPE) (Carver et al., 1989). Hiervolgens word vyf dimensies elk van probleem- en emosioneel-gefokusde coping onderskei, terwyl 'n verdere drie dimensies as disfunksionele coping bestempel word.

Die ondersoekveld van die psigologie het tradisioneel gebuk gegaan onder 'n redelik negatiewe of patogene benadering (Rothmann & Storm, 2003; Seligman, 1998). Hiervolgens was die fokus meer op die oorsprong van siekte as op die oorsprong van gesondheid (Strümpfer, 1990; 1995). In die jongste tyd is daar egter 'n verskuiwing in die rigting van die sogenaamde “positive psychology” wat 'n meer salutogene (“salus” = gesondheid, “genesis” = oorsprong) paradigma verteenwoordig (Malan, 2000; Rothmann & Storm, 2003; Seligman, 1998). Met betrekking tot coping het Antonovsky (1979, 1987) begin om die term “generalized resistance resources” in die hantering van stres te gebruik. Hierdie algemene bronne van weerstand sluit coping as weerstandsbron in en wat as buffer teen stres kan dien (Lazarus & Folkman, 1984).

Antonovsky (1979, 1987) ontwikkel dan 'n konstruk vanuit die salutogene paradigma wat hy koherensiesin noem. Die verskuiwing na positiewe psigologie het ook in Suid Afrika weerklank gevind in die werk van Strümpfer (1990, 1995), en wat lei tot 'n uitbreiding van koherensiesin na die konstruk van fortigenese (oorsprong van sterkte). Meer onlangs is die fortigene paradigma ook in verband met die uitbrandingsindroom aangewend om beweging in die algemene rigting van gesondheid op die eustres-distres kontinuum te bewerkstellig (Strümpfer, 2002). In die lig van hierdie meer positiewe perspektiewe, wil dit voorkom of uitbrandingsnavorsing ook in die rigting van die positiewe antitese daarvan, naamlik begeestering (“engagement”) beweeg, en wat as energieke toewyding en selfvertroue tot uitnemende prestasie beskryf kan word (Rothmann & Storm, 2003; Schaufeli et al., 2002).

Koherensiesin word deur Antonovsky (1987, p. 19) soos volg gedefinieer: “The sense of coherence is a global orientation that expresses the extent to which one has a pervasive, enduring though dynamic feeling of confidence that (1) the stimuli deriving from one's internal and external environments in the course of living are structured, predictable, and

explicable; (2) the resources are available to one to meet the demands posed by these stimuli; (3) these demands are challenges, worthy of investment and engagement". Volgens Antonovsky (1979, 1987) vind die primêre ontwikkeling van koherensiesin gedurende die eerste dekade van volwasse ontwikkeling plaas. Koherensiesin word voortdurend deur verskeie stressore onder druk geplaas, maar individue wie 'n sterk sin vir koherensie in die vroeë volwassenheid ontwikkel het, beskik oor voldoende algemene weerstandsbronne om die ekwilibrium telkens te herstel (Antonovsky 1979, 1987). Hy of sy sal, deur gebruik te maak van hulpbronne binne die eie of andere se beheer, in 'n hoër mate stressore as hanteerbaar beskou eerder as om hulpeloos op te tree (Basson & Rothmann, 2002).

'n Sterk koherensiesin behoort volgens Antonovsky (1979, 1987) individue in staat te stel om 'n wye reeks coping strategieë op buigsame wyse aan te wend. Verder behoort individue met 'n sterk koherensiesin ook beter in staat te wees om die aard en dimensies van akute of chroniese stressore te begryp en deur middel van coping as hanteerbaar te beskou (Basson et al., 2001). Studies onder aptekers het dan ook die korrelasie tussen koherensiesin, coping en uitbranding bevestig (Basson et al., 2001; Basson & Rothmann, 2002; Rothmann, Malan & Rothmann, 2001). Onder predikante kon slegs die navorsing van Malan (2000) en Malan en De Bruin (2001) opgespoor word wat van hierdie konstruk gebruik maak. Die verband tussen koherensiesin, uitbranding, werkstevredenheid en voorneme om te bedank word in hierdie studies bevestig (Malan, 2000; Malan & De Bruin, 2001). Koherensiesin word as 'n stabiele disposisionele karaktereienskap gesien en daar is dus goeie rede om te glo dat koherensiesin 'n belangrike modererende rol in stresshantering (en uitbranding) kan speel. Koherensiesin as geïsoleerde entiteit, sonder toepaslike vermoëns, vaardighede, opleiding en ontwikkeling sal egter nie die gewenste uitwerking in terme van stresshantering hê nie (Strümpfer, 1990).

Navorsing oor begeestering ("engagement") as positiewe antitese van uitbranding, het in twee verwante, maar uiteenlopende, rigtings ontwikkel (Rothmann & Storm, 2003). Maslach en Leiter (in Maslach et al., 2001) het uitbranding as die erosie van begeestering geherformuleer. Wat aanvanklik belangrik, betekenisvol en uitdagende werk was, word toenemend onaangenaam, leeg en betekenisloos. Begeestering word dus gekenmerk deur energie, betrokkenheid en bekwaamheid, wat presies die teenoorgestelde van die uitbrandingsdimensies is en ook deur die teenoorgestelde patroon van tellings op die MBI weerspieël word.

Schaufeli (in Maslach et al., 2001, p. 417) het begeestering in eie reg gedefinieer en geoperasionaliseer as: “a persistent, positive affective-motivational state of fulfillment in employees that is characterized by vigor, dedication, and absorption. Vigor refers to high levels of energy and resilience, the willingness to invest effort in one's job, the ability to not be easily fatigued, and persistence in the face of difficulties. Dedication refers to a strong involvement in one's work, accompanied by feelings of enthusiasm and significance, and by a sense of pride and inspiration. Finally, absorption refers to a pleasant state of total immersion in one's work, which is characterized by time passing quickly and being unable to detach oneself from the job”. Begeestering word steeds as die positiewe antitese van uitbranding beskou, maar 'n onafhanklike vraelys wat as die *Utrecht Werksbegeesteringskaal* (UWES) bekend staan, is ontwikkel om begeesteringsvlakke te bepaal (Schaufeli, Salanova, Gonzalez-Roma, & Bakker, 2002). Rothmann en Storm (2003) het die drie-faktor model van begeestering deur middel van strukturele vergelykingsmodellering in die Suid-Afrikaanse Polisie diens bevestig. Die verwagte inverse verwantskap tussen begeestering en uitbranding is ook in enkele studies bevestig (Schaufeli et al., 2002; Wiese, 2002).

Daar word in die literatuur erkenning verleen aan die feit dat predikante in 'n veeleisende beroep staan, met 'n stel unieke eise en met veral onduidelike grense tussen werk en private lewe (Swart, 2002). Alhoewel daar wel enkele studies bestaan wat oor uitbranding in die bediening handel (Delport, 1990; Malan, 2000; Odendal, 1984; Smuts, 1988; Swart 1999; Swart 2002), is daar egter 'n gebrek aan navorsing oor uitbranding onder predikante, veral in Suid Afrikaanse konteks (Swart, 2002). Aanbevelings wat op grond van die loodsstudie in die NH Kerk gemaak is, het juis verdere kwantitatiewe studie en die fasilitering van 'n salutogene kultuur in die vooruitsig gestel. Geen kwantitatiewe navorsing oor uitbranding onder predikante van die NH Kerk vanuit 'n salutogene/fortigene paradigma kon egter opgespoor word nie. 'n Ondersoek na die uitbrandingsvlakke van predikante van die betrokke kerkgroep, sowel as die verwantskap tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering blyk dus sinvol te wees. Indien 'n korrelasie tussen hierdie konstruksie aangetoon kan word, het dit bepaalde implikasies in terme van werwing, keuring, induksie, opleiding en voortgesette begeleiding in die amp.

Op grond van die geïdentifiseerde probleemstelling ontstaan die volgende navorsingsvrae:

- Hoe word koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering in die literatuur gekonseptualiseer en wat is hul onderlinge verhoudings?

- Wat is die vlakke en onderlinge verhoudings van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering onder predikante van die NH Kerk?
- Wat is die verskille in die vlakke van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering onder predikante van die NH Kerk oor werkskategorie en lewensjare strata?
- Kan koherensiesin en coping gebruik word om uitbranding onder predikante van die NH Kerk te voorspel?

## **1.2 NAVORSINGDOELSTELLINGS**

### **1.2.1 Algemene doelstelling**

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing is om die vlakke en onderlinge verhoudings van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering vir predikante van die NH Kerk te bepaal.

### **1.2.2 Spesifieke doelstellings**

- Om koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering en hul onderlinge verhoudings deur 'n literatuursoorsig te konseptualiseer.
- Om die vlakke en onderlinge verhoudings van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering onder predikante van die NH Kerk deur middel van 'n empiriese ondersoek te bepaal.
- Om die verskille in die vlakke van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering onder predikante van die NH Kerk oor werkskategorie en lewensjare strata deur middel van 'n empiriese ondersoek te bepaal.
- Om te bepaal of koherensiesin en coping gebruik kan word om uitbranding onder predikante van die NH Kerk te voorspel deur middel van 'n empiriese ondersoek.

## **1.3 NAVORSINGSHIPOTESE**

Die volgende hipotese kan vir die navorsing gestel word:

**H<sub>1</sub>:** Daar bestaan 'n prakties betekenisvolle korrelasie tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering onder predikante van die NH Kerk.

## **1.4 NAVORSINGSMETODE**

Die navorsingsmetode bestaan uit 'n literatuuoroorsig en 'n empiriese ondersoek.

### **1.4.1 Literatuuoroorsig**

Die literatuuoroorsig fokus op vorige navorsing met betrekking tot koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering. Besondere klem word gelê op navorsing waar hierdie konstrunkte in verhouding tot mekaar bestudeer is en dan veral soos dit in die bediening manifesteer.

### **1.4.2 Empiriese ondersoek**

#### **1.4.2.1 Navorsingsontwerp**

Die tipe navorsing waarvan in die navorsing gebruik gemaak word, staan bekend as beskrywende navorsing. Hierdie tipe navorsing word gekenmerk deur die diepgaande beskrywing van 'n bepaalde fenomeen, wat ook 'n statistiese opsomming en konseptuele ontleding kan insluit (Rothmann, 2002).

Daar word gebruik gemaak van 'n nie-eksperimentele (korrelasionele) opname-ontwerp wat bekend staan as die dwarsnee opname-ontwerp en wat meting op 'n enkele tydstip behels (Huysamen, 1998). Volgens Shaughnessy en Zechmeister (1997) is hierdie tipe navorsing geskik om verhoudings tussen veranderlikes te ontleed met die doel om voorspellende verhoudings deur middel van 'n korrelasiekoëffisiënt te bepaal: “Cross-sectional designs are ideally suited to the descriptive and predictive functions associated with correlational research” (Shaughnessy & Zechmeister, 1997, p. 147).

### 1.4.2.2 Studiepopulasie

Die studiepopulasie bestaan uit 'n gestratifiseerde ewekansige (eweredige) steekproef ( $N = 87$ ) van al die diensdoende predikante van die NH Kerk en waarvan bruikbare response ontvang is. Predikante op studieverlof, met emeritaat of siekte-emeritaat en predikante in die buiteland is vir doeleindes van die studie uitgesluit.

### 1.4.2.3 Meetinstrumente

Daar word in die empiriese ondersoek van vier vraelyste gebruik gemaak, naamlik die *Lewensoriëntasie-vraelys* (LOV) (Antonovsky, 1987), die *Coping Orientation to Problems Experienced* (COPE) vraelys (Carver et al., 1989), die *Maslach Uitbrandingsvraelys – Mensdienste-opname* (MBI-HSS) (Maslach & Jackson, 1986), en die *Utrecht Werksbegeesteringskaal* (UWES) (Schaufeli et al., 2002).

Die *Lewensoriëntasie-vraelys* (LOV) (Antonovsky, 1987) word gebruik om deelnemers se koherensiesin te meet. Die LOV is 'n multi-dimensionele vraelys en bestaan uit 29 items. Koherensiesin bestaan uit drie dimensies, naamlik Verstaanbaarheid, Hanteerbaarheid en Betekenisvolheid (Antonovsky, 1993). Vir doeleindes van hierdie navorsing word egter telkens van die totale koherensiesintellings gebruik gemaak. Volgens Antonovsky (1993) is alfakoëffisiënte wat wissel van 0,82 tot 0,95 in 26 verskillende studies verkry. Rothmann (2000) het 'n alfakoëffisiënt van 0,89 vir die LOV gevind wat as aanvaarbaar beskou word ( $\alpha > 0,70$ , Nunnally & Bernstein, 1994). Toets-hertoets betroubaarheid word deur Antonovsky self (1993) tussen 0,52 en 0,56 gevind. In ander studies het die toets-hertoets betroubaarheid egter gewissel van 0,41 tot 0,97 (Antonovsky, 1993). In die oorgrote meerderheid studies wat kriteriumgeldigheid ondersoek het, is korrelasies gevind wat statisties betekenisvol is (Antonovsky, 1993).

Die *Coping Orientation to Problems Experienced* (COPE) vraelys (Carver et al., 1989) word gebruik om disposisionele verskille in deelnemers se stresresponse te bepaal. Die COPE is 'n multi-dimensionele coping vraelys waarin 13 afsonderlike coping strategieë gekonseptualiseer word en wat uit 54 items bestaan (Carver et al., 1989). Vyf coping strategieë kan as probleem-gefokusde coping beskryf word, 'n verdere vyf as emosioneel-

gefokusde coping, en drie strategieë is van disfunksionele aard. Carver et al. (1989) rapporteer Cronbach alfakoëffisiënte wat wissel tussen 0,45 en 0,92 en toets-hertoets betroubaarheid wat wissel van 0,46 tot 0,86 en 0,42 tot 0,89 vir twee verskillende studies. In hierdie studie is 'n hoofkomponente faktorontleding en ortogonale varimax rotasie op die COPE uitgevoer. Drie faktore is onttrek, naamlik Benaderings-coping (19 items), Soeke na Sosiale Ondersteuning (8 items), en Emosionele Ontlading (3 items). Aanvaarbare Cronbach alfakoëffisiënte van 0,90, 0,90 en 0,75 is onderskeidelik vir die drie faktore gevind ( $\alpha > 0,70$ , Nunnally & Bernstein, 1994).

Die *Maslach Uitbrandingsvraelys – Mensdienste-opname* (MBI-HSS) (Maslach & Jackson, 1986) word gebruik om deelnemers se vlakke van uitbranding te bepaal. Maslach en Jackson (1986) onderskei drie subskale vir die MBI-HSS, naamlik Emosionele Uitputting, Depersonalisasie en Persoonlike Bereiking. Aangesien faktorontleding daarop dui dat die drie subskale onafhanklik van mekaar hanteer kan word (Maslach & Jackson, 1986), word dit in hierdie studie as onafhanklike dimensies van uitbranding beskou. Maslach en Jackson (1986) het Cronbach alfakoëffisiënte met die MBI-HSS gevind wat wissel tussen 0,71 en 0,90 vir die drie subskale. Toets-hertoets betroubaarheid het gewissel tussen 0,60 en 0,82 in 'n studie met 'n interval van twee tot vier weke, en tussen 0,54 en 0,60 in 'n studie met 'n interval van een jaar. In hierdie studie is die drie-faktor struktuur van die MBI-HSS deur middel van strukturele vergelykingsmodellering bevestig, maar die beste passing is verkry deur vier items, naamlik items 12, 15, 16 en 22 buite rekening te laat. Aanvaarbare Cronbach alfakoëffisiënte van 0,91, 0,77 en 0,85 is onderskeidelik vir die drie dimensies gevind ( $\alpha > 0,70$ , Nunnally & Bernstein 1994).

Die *Utrecht Werksbegeesteringskaal* (UWES) (Schaufeli et al., 2002) word gebruik om deelnemers se werksbegeesteringsvlakke te bepaal. Konseptueel word begeestering as die positiewe antitese van uitbranding gesien, maar tog in eie reg gedefinieer en geoperasionaliseer. Die UWES bestaan uit drie dimensies, naamlik Energie (hoë vlakke van energie, gehardheid en volharding), Toewyding (hoë vlakke van betrokkenheid, entoesiasme en betekenisvolheid) en Absorpsie (hoë vlakke van totale werksverdieping) (Maslach et al., 2001). Die UWES bestaan uit 17 items waarin respondente versoek word om op 'n sewe-punt skaal (tussen nul en ses) die frekwensie van bepaalde werkservarings aan te dui. Nul is 'n

aanduiding dat die ervaring nooit voorkom nie, terwyl ses aandui dat dit altyd die geval is. Cronbach alfakoëffisiënte vir die drie subskale wissel tussen 0,68 en 0,91.

#### 1.4.2.4 Statistiese ontleding

Statistiese ontleding word uitgevoer met behulp van die SAS-Program (SAS Institute, 2000). Hoofkomponente faktorontleding met 'n ortogonale varimax rotasie word op die items van die COPE uitgevoer om faktorekstraksie op items met korrelasies hoër as 0,45 toe te pas. Strukturele vergelykingsmodellering (“structural equation modelling”) soos geïmplementeer deur AMOS (Arbuckle, 1997) word op die MBI-HSS toegepas om 'n drie-faktor struktuur met beste passing te bevestig. Beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwyking, skeefheid en kurtose) word gebruik om die data te ontleed. Cronbach alfakoëffisiënte en inter-item korrelasiekoëffisiënte word gebruik om interne konsekwentheid (betroubaarheid en geldigheid) van die meetinstrumente te bepaal (Clark & Watson, 1995). Pearson produk-moment korrelasiekoëffisiënte met afsnypunt 0,30 (medium effek, Cohen, 1988; Steyn, 2002) word gebruik om die verhouding tussen die veranderlikes te beskryf. Variansieanalise (ANOVA) en Tukey vergelykingstegnieke word gebruik om prakties betekenisvolle verskille tussen subgroepe in die steekproef te bepaal. Die volgende formule word gebruik om die praktiese betekenisvolheid van verskille ( $d$ ) tussen die gemiddeldes van subgroepe te bepaal, met afsnypunt 0,50 (medium effek, Cohen, 1988):

$$d = \text{Gemiddeld}_A - \text{Gemiddeld}_B / \text{Gemiddelde Kwadraatfout}$$

Daar word van stapsgewyse meervoudige regressie gebruik gemaak om die bydrae van die onafhanklike veranderlikes (koherensiesin en 'n drie-faktormodel van die COPE) tot uitbranding te bepaal. Effekgroottes van toepassing op meervoudige regressie, en wat praktiese betekenisvolheid aandui, word deur die volgende formule aangetoon (Steyn, 1999):

$$f^2 = R^2 / 1 - R^2$$

'n Afsnypunt van 0,15 (medium effek) word gebruik om die praktiese betekenisvolheid van  $f^2$  te bepaal.

Kanoniese korrelasie ( $r_c$ ) word gebruik om die verhoudings tussen die dimensies van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering te ondersoek. Die doel van kanoniese korrelasie is om telkens die onderlinge verhouding tussen twee stelle veranderlikes te ontleed (Tabachnick & Fidell, 2001).

## **1.5 HOOFSTUKINDELING**

Die hoofstukke van hierdie skripsie word soos volg aangebied:

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Navorsingsartikel

Hoofstuk 3: Gevolgtrekkings, tekortkomings en aanbevelings

## **1.6 HOOFSTUKOPSOMMING**

Hoofstuk een fokus op die probleemstelling, navorsingdoelstellings, navorsingshipotese en navorsingsmetode. Die hoofstukindeling is ook aangedui.

Hoofstuk twee bevat die navorsingsartikel. Resultate van die literatuuroorsig met besondere klem op die onderlinge verhoudings tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering soos wat dit onder andere in die bediening manifesteer, word aangedui. Resultate van die empiriese ondersoek en die praktiese betekenis daarvan word aangedui. Die vernaamste bevindings word ook kortliks aangetoon.

Hoofstuk drie verskaf gevolgtrekkings wat op grond van die literatuuroorsig en empiriese ondersoek gemaak kan word. Tekortkomings van die navorsing word aangedui en aanbevelings ten opsigte van die ontwikkeling van salutogene intervensies vir die organisasie word gemaak. Enkele verdere navorsingsmoontlikhede word ook aangedui.

## **HOOFSTUK 2**

### **NAVORSINGSARTIKEL**

# KOHERENSIESIN, COPING, UITBRANDING EN BEGEESTERING IN DIE BEDIENING

F.J. REDELINGHUYS

S. ROTHMANN

*WorkWell, Navorsingseenheid vir Mense, Beleid en Prestasie, Fakulteit Ekonomiese en  
Bestuurswetenskappe, Potchefstroomse Universiteit vir CHO*

## ABSTRACT

The general objective of this research was to determine the relationship between sense of coherence, coping, burnout and engagement amongst ministers. A survey design was used. The Orientation to Life Questionnaire, COPE, Maslach Burnout Inventory – Human Services Survey and Utrecht Work Engagement Scale were used as measuring instruments. The sample consisted of ministers ( $n = 87$ ). The results showed that sense of coherence, approach coping and work engagement were negatively, and passive coping positively, related to burnout. Sense of coherence and coping can be utilised to predict burnout. Ministers of age group 25-29, showed lower levels of emotional exhaustion compared to the other age groups, while levels for age group 30-49 were higher than that of the older group.

## OPSOMMING

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing was om die onderlinge verhoudings van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering in die bediening te bepaal. 'n Opname-ontwerp is gebruik. Die Lewensorientasie-vraelys, COPE-vraelys, Maslach Uitbrandingsvraelys – Mensdienste-opname en Utrecht Werkbegeesteringskaal is as meetinstrumente gebruik. Die steekproef het uit predikante bestaan ( $n = 87$ ). Die resultate het getoon dat koherensiesin, benaderings-coping en werksbegeestering negatief, en passiewe coping positief met uitbranding korreleer. Koherensiesin en coping kan gebruik word om uitbranding te voorspel. Predikante van 25-29 jaar was minder emosioneel uitgeput as al hul ouer kollegas, terwyl die ouderdomsgroep 30-49 jaar meer emosioneel uitgeput as die ouer ouderdomsgroep was.

Predikante is as hulpverleners blootgestel aan veeleisende werksomstandighede met unieke werksverwante stressore (soos oorlading, tydsdruk, lang werksure, rolkonflik en rol- onduidelikheid), maar ook unieke kliëntverwante stressore (soos kontak met hulpsoekers met probleme, gereelde kontak met chroniese siek, terminale of sterwende kliënte) en wat 'n hoë korrelasie met uitbranding toon (Swart, 2002). Predikante het verder 'n unieke posisie onder die hulpverlenende beroepe aangesien hulle, benewens die eise wat kliënte aan hulle stel, gewoonlik ook hul beroep as Goddelike roeping beleef en dus in die stresvolle interaksie van 'n gelyktydige roeping (deur God) en verwagtinge van mense leef (Swart, 2002).

Navorsing onder predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk), dui daarop dat predikante 'n hoë risiko ten opsigte van uitbranding het en dat, as gevolg van verskeie faktore, uitbranding wel by predikante van die NG Kerk aangetref word (Malan, 2000; Malan & De Bruin, 2001; Odendal, 1984; Smuts, 1988; Swart, 1999; Swart, 2002). Talle predikante evalueer hul werksomstandighede, opleiding en persoonlike welsyn negatief (Malan, 2000; Swart, 2002), en deel die progressiewe verlies aan betekenis, bevrediging, idealisme en doelgerigte gedrag van ander persone in hulpverlenende professies en wat uitbranding het (Pines, 1993; Swart, 1999). Resultate van 'n kwalitatiewe loodsstudie, wat in opdrag van die 63ste Algemene Kerkvergadering (AKV, 1992) van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NH Kerk) onder predikante van die betrokke kerkgroep onderneem is, stem grootliks ooreen met hierdie bevindings (Van Biljon, 1997). Die ondersoek het aangetoon dat daar verskeie stressore van verskillende aard op predikante van die betrokke kerk inwerk, wat as gevolg van verskeie faktore (waaronder disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling) nie altyd genoegsaam hanteer word nie en wat tot stres en stresverwante ervarings aanleiding gee (Van Biljon, 1997).

Lazarus en Folkman (1984) beskou stres as: “a particular relationship between the person and the environment that is appraised by the person as taxing or exceeding his or her resources and endangering his or her well-being”. Stres kan dus gesien word as 'n uitdrukking van die manier waarop die mens met sy omgewing en die eise wat daardeur aan hom gestel word (en wat hy aan homself stel) omgaan (Lazarus & Folkman, 1984; Roos & Möller, 1989). Die individu speel hierin 'n aktiewe rol, in terme waarvan bepaalde betekenis aan stressore gegee word en waarvolgens 'n situasie dan as stresvol en/of bedreigend geïdentifiseer en die stresvlakke op 'n kontinuum tussen eustres en distres bepaal word (Cartwright & Cooper, 1996). Uitbranding word as 'n stresverwante fenomeen beskou en gekonseptualiseer as 'n

psigologiese sindroom wat ontstaan as respons op chroniese emosionele en interpersoonlike werkstressore (Cherniss, 1993; Leiter, 1991; Maslach & Jackson, 1986; Maslach, Schaufeli & Leiter, 2001; Schaufeli & Buunk, 2002; Schaufeli & Enzmann, 1998; Van Graan, 2002). Maslach en Schaufeli (1993) (met verwysing na Selye, 1967 en Brill, 1984) beskryf uitbranding as verlengde werkstres, of werkseise wat die individu se hulpbronne oorskry (Winnubst, 1993 met verwysing na Pines & Aronson, 1988). Aangesien 'n kousale verband tussen werkstres en uitbranding egter volgens Cox, Kuk en Leiter (1993) nog nie op oortuigende wyse empiries bevestig kon word nie, wys hierdie navorsers daarop dat die korrelasie tussen hierdie konstrakte moontlik aan 'n komplekse en dinamiese verhouding, sowel as die teenwoordigheid van modererende faktore toegeskryf kan word.

Omdat uitbranding as maatskaplike probleem in hulpverlenende beroepe ontstaan het, konseptualiseer Maslach en Jackson (1986) die sindroom as: “a syndrome of emotional exhaustion, depersonalisation, and reduced personal accomplishment that can occur among individuals who do 'people work' of some kind”. Tans word uitbranding egter ook toenemend buite die tradisionele menslike dienssektor bestudeer (Maslach et al., 2001; Schaufeli, Martinez, Pinto, Salanova & Bakker, 2002; Winnubst, 1993). Drie sleuteldimensies van uitbranding word onderskei, naamlik emosionele uitputting as eerste en mees kenmerkende dimensie, 'n tweede dimensie wat gekenmerk word deur gevoelens van sinisme en afsydigheid (depersonalisasie) en wat kan dien as poging om die uitputtingsdimensie te hanteer (Maslach et al., 2001), en die ervaring van oneffektiwiteit of onbekwaamheid as derde dimensie en wat skynbaar parallel met die eerste twee ontstaan (Leiter, 1993; Maslach et al., 2001).

Coping\* kan gesien word as pogings om situasies te hanteer wat as potensieel skadelik of stresvol beoordeel word (Kleinke 1998). Volgens Schaufeli en Enzmann (1998) maak individue wat hoë uitbrandingsvlakke toon, merendeels gebruik van passiewe en defensiewe coping meganismes, terwyl individue wat konfronterende coping strategieë benut, laer vlakke van uitbranding toon (kyk ook Leiter, 1991; Storm & Rothmann, 2003). Daar kan dus verwag word dat predikante wat nie daarin slaag om deur suksesvolle coping die eustres-distres kontinuum effektief te beheer nie, aan matige tot hoë vlakke van uitbranding sal ly.

---

\* Weens gebrek aan 'n geskikte Afrikaanse ekwivalent word in die bespreking deurgaans na coping verwys

Die ondersoekveld van die psigologie het tradisioneel gebuk gegaan onder 'n redelik negatiewe of patogene benadering (Rothmann & Storm, 2003; Seligman, 1998). Hiervolgens was die fokus meer op die oorsprong van siekte as op die oorsprong van gesondheid (Strümpfer, 1990; 1995). In die jongste tyd is daar egter 'n verskuiwing in die rigting van die sogenaamde “positive psychology” wat 'n meer salutogene (“salus” = gesondheid, “genesis” = oorsprong) paradigma verteenwoordig (Malan, 2000; Rothmann & Storm, 2003; Seligman, 1998). Met betrekking tot coping, het Antonovsky (1979, 1987) begin om die term “generalized resistance resources” in die hantering van stres te gebruik. Hierdie algemene bronne van weerstand sluit coping as weerstandsbron in en wat as buffer teen stres kan dien (Lazarus & Folkman, 1984). Antonovsky (1979, 1987) ontwikkel dan 'n konstruk vanuit die salutogene paradigma wat hy koherensiesin noem. Verder wil dit voorkom of uitbrandingsnavorsing ook in die rigting van die meer positiewe antitese daarvan, naamlik werksbegeestering (“engagement”) beweeg, en wat as energieke toewyding en selfvertroue tot uitnemende prestasie beskryf kan word (Rothmann & Storm, 2003; Schaufeli et al., 2002).

Antonovsky (1987, p. 19) beskryf koherensiesin as: “a global orientation that expresses the extent to which one has a pervasive, enduring though dynamic feeling of confidence that (1) the stimuli deriving from one's internal and external environments in the course of living are structured, predictable, and explicable; (2) the resources are available to one to meet the demands posed by these stimuli; (3) these demands are challenges, worthy of investment and engagement”. Koherensiesin word volgens Antonovsky (1979, 1987), primêr gedurende die eerste dekade van volwassenheid ontwikkel. Individue wie 'n sterk sin vir koherensie ontwikkel het sal, deur gebruik te maak van hulpbronne binne die eie of andere se beheer, in 'n hoër mate stressore as hanteerbaar beskou eerder as om hulpeloos op te tree (Basson & Rothmann, 2002).

Maslach en Leiter (in Maslach et al., 2001) het uitbranding onlangs as die erosie van begeestering geherformuleer. Wat aanvanklik belangrik, betekenisvol en uitdagende werk was, word toenemend onaangenaam, leeg en betekenisloos. Begeestering word dus gekenmerk deur energie, betrokkenheid en persoonlike bereiking, wat presies die teenoorgestelde van die uitbrandings-dimensies is, en ook deur die teenoorgestelde patroon van tellings op die MBI weerspieël word. Schaufeli (in Maslach et al., 2001, p. 417) het begeestering egter in eie reg op drie-dimensionele wyse gedefinieer as: “a persistent, positive affective-motivational state of fulfillment in employees that is characterized by vigor,

dedication, and absorption". Rothmann en Storm (2003) het die drie-faktor model van begeestering deur middel van strukturele vergelykingsmodellering in die Suid-Afrikaanse Polisie diens bevestig. Die verwagte inverse verwantskap tussen begeestering en uitbranding is ook in enkele studies bevestig (Schaufeli et al., 2002; Wiese, 2002).

Daar word in die literatuur erkenning verleen aan die feit dat predikante in 'n veeleisende beroep staan, met 'n stel unieke eise en met veral onduidelike grense tussen werk en private lewe (Swart, 2002). Alhoewel daar enkele studies bestaan wat oor uitbranding in die bediening in Suid Afrikaanse konteks handel, (Delpont, 1990; Malan, 2000; Malan & De Bruin, 2001; Odendal, 1984; Smuts, 1988; Swart 1999; Swart 2002), maak slegs die navorsing van Malan (2000) en Malan en De Bruin (2001) gebruik van 'n salutogene benadering. Aanbevelings wat op grond van die loodsstudie in die NH Kerk gemaak is, het juis verdere kwantitatiewe studie en die fasilitering van 'n salutogene kultuur in die vooruitsig gestel. Geen kwantitatiewe navorsing oor uitbranding onder predikante van die NH Kerk vanuit 'n salutogene paradigma kon egter opgespoor word nie. 'n Ondersoek na die uitbrandingsvlakke van predikante van die NH Kerk, sowel as die verwantskap tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering blyk dus sinvol te wees. Indien 'n korrelasie tussen hierdie konstrukte aangetoon kan word, het dit bepaalde implikasies in terme van werwing, keuring, induksie, opleiding en voortgesette begeleiding in die amp.

### **Koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering**

Die verskuiwing in die rigting van positiewe sielkunde en wat 'n meer salutogene paradigma in die benadering tot psigologie verteenwoordig, het gelei tot die ontwikkeling van koherensiesin as salutogene konstruk (Antonovsky, 1979, 1987). In Suid Afrika het die verskuiwing na 'n meer positiewe benadering weerklank gevind in die werk van Strümpfer (1990, 1995) en wat lei tot 'n uitbreiding van koherensiesin na die konstruk van fortigenese (oorsprong van sterkte). Meer onlangs is die fortigene paradigma ook in verband met die uitbrandingsindroom aangewend om beweging in die algemene rigting van gesondheid op die eustres-distres kontinuum te bewerkstellig (Strümpfer, 2002).

Volgens Antonovsky (1987) verteenwoordig koherensiesin 'n deurlopende ervaring by die individu dat stimuli vanuit die omgewing gestruktureerd, voorspelbaar en verstaanbaar is; dat voldoende hulpbronne beskikbaar is om die eise wat deur die stimuli gestel word te hanteer;

dat die eise as uitdagings gesien kan word en dat dit die moeite werd is om aandag daaraan te spandeer. Koherensiesin word as 'n stabiele disposisionele karaktereienskap gesien, en wat voortdurend deur verskeie stressore onder druk geplaas word. Individue wie 'n sterk koherensiesin in die vroeë volwassenheid ontwikkel het, beskik egter oor voldoende algemene weerstandsbronne om die ekwilibrium telkens te herstel (Antonovsky 1979, 1987).

'n Sterk koherensiesin behoort individue dan in staat te stel om 'n wye reeks coping strategieë op buigsame wyse aan te wend (Antonovsky 1979, 1987). Verder behoort individue met 'n sterk koherensiesin ook beter in staat te wees om die aard en dimensies van akute of chroniese stressore te begryp en deur middel van coping as hanteerbaar te beskou (Basson, Basson, Rothmann & Rothmann, 2001). Studies onder aptekers het die korrelasie tussen koherensiesin, coping en uitbranding bevestig (Basson et al., 2001; Basson & Rothmann, 2002; Rothmann, Malan & Rothmann, 2001). Onder predikante kon slegs die navorsing van Malan (2000) en Malan en De Bruin (2001) opgespoor word wat van hierdie konstruk gebruik maak. Die verband tussen koherensiesin, uitbranding, werkstevredenheid en voorneme om te bedank word in hierdie studies bevestig (Malan, 2000; Malan & De Bruin, 2001). Daar is dus rede om te glo dat koherensiesin, deur die keuse en aanwending van effektiewe coping strategieë, 'n positiewe rol in die voorkoming en hantering van stres en uitbranding kan speel. Koherensiesin as geïsoleerde entiteit, sonder toepaslike vermoëns, vaardighede, opleiding en ontwikkeling sal egter nie die gewenste uitwerking in terme van stres hantering hê nie (Strümpfer, 1990).

Coping word as belangrike moderator in die hantering van stres beskou, en verwys na enige respons of poging deur die individu om emosionele distres te voorkom, vermy of beheer (Zeidner & Endler, 1996). Lazarus en Folkman (1984, p.141) beskou coping as: “constantly changing cognitive and behavioral efforts to manage specific external and/or internal demands that are appraised as taxing or exceeding the resources of the person”. Navorsing bevestig dat oneffektiewe coping hoër vlakke van depressie en angst tot gevolg het (Carver, Scheier & Weintraub, 1989). 'n Respons wat egter die eustres-distres kontinuum effektief beheer, word as effektiewe coping beskou (Cartwright & Cooper, 1996). Daar word in die literatuur onderskei tussen coping as strategie en coping as gevolg of resultaat. Coping as strategie verwys na verskillende metodes wat individue aanwend om sy of haar omstandighede te bestuur, terwyl coping as resultaat verwys na die eventuele uitkoms van 'n bepaalde strategie (Basson et al., 2001). Vir doeleindes van hierdie studie val die fokus op

coping as strategie. Daar word ook in die literatuur onderskei tussen probleem-gefokusde en emosioneel-gefokusde coping (Cartwright & Cooper, 1996; Lazarus & Folkman, 1984). Eersgenoemde fokus op probleemoplossende optrede om die bron van stres te verander, terwyl laasgenoemde eerder fokus op die hantering van emosionele distres wat met die situasie geassosieer word (Carver et al., 1989). Navorsing het bevestig dat disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling 'n belangrike rol in die voorspelling van coping speel (Krohne, 1996). Maslach et al. (2001) meen dat daar 'n verband tussen uitbranding en individuele coping strategieë aangewys kan word, in terme waarvan hoër vlakke van uitbranding met passiewe, verdedigende coping, en laer vlakke van uitbranding met aktiewe, konfronterende coping geassosieer word. Carver et al. (1989) het 'n disposisionele coping-vraelys ontwikkel deur deelnemers te vra wat hulle gewoonlik in stresvolle situasies doen en wat bekend staan as die *Coping Orientation to Problems Experienced Scale* (COPE) (Carver et al., 1989). Hiervolgens word vyf dimensies elk van probleem- en emosioneel-gefokusde coping onderskei, terwyl 'n verdere drie dimensies as disfunksionele coping bestempel word.

Schaufeli en Buunk (2002) verwys na die term uitbranding (“burnout”) as metaforiese beskrywing wat normaalweg 'n proses van geestelike en emosionele (“mental”) uitputting, soortgelyk aan die uitdoof van 'n vuur of kers aandui, en soos volg gedefinieer kan word: “Burnout is a persistent, negative, work-related state of mind in 'normal' individuals that is primarily characterized by exhaustion, which is accompanied by distress, a sense of reduced effectiveness, decreased motivation, and the development of dysfunctional attitudes and behaviours at work. This psychological condition develops gradually but may remain unnoticed for a long time for the individual involved. It results from a misfit between intentions and reality at the job. Often burnout is self-perpetuating because of inadequate coping strategies that are associated with the syndrome” (Schaufeli & Buunk, 2002, p. 9). Uitbranding is 'n unieke multidimensionele chroniese stresreaksie op stresvolle werksomstandighede en word al meer gesien as ekstreme respons op, en die gevolg van, 'n negatiewe interaksie tussen die werkplek en die individu, wat veroorsaak dat individue nie langer effektief kan funksioneer nie (Maslach et al., 2001; Swart, 2002).

Maslach en Jackson (1986) konseptualiseer uitbranding met die publikasie van die *Maslach Uitbrandingsvraelys – Mensdienste-opname* (MBI-HSS) as bestaande uit drie dimensies, naamlik Emosionele Uitputting, Depersonalisasie en Persoonlike Bereiking. Hierdie

multidimensionele konseptualisering word steeds deur meer as 91% van alle empiriese navorsing gevolg (Schaufeli & Enzmann, 1998). Emosionele Uitputting verteenwoordig die individuele stresdimensie van uitbranding en verwys na gevoelens van ooreising en die lediging van emosionele en fisieke hulpbronne. Depersonalisasie verteenwoordig die interpersoonlike dimensie van uitbranding en verwys na negatiewe, gevoellose of ekstrem-afsydige response op verskeie werksaspekte. Verminderde Persoonlike Bereiking verteenwoordig die dimensie van selfevaluasie en verwys na gevoelens van onbekwaamheid met betrekking tot die werksituasie (Maslach et al., 2001).

Dit wil voorkom of die onlangse ontwikkeling in die rigting van 'n meer positiewe of salutogene psigologie, ook in terme van uitbrandingsnavorsing toenemend lei tot die ontwikkeling van begeestering ("engagement") as die positiewe antitese van uitbranding, en wat as energieke toewyding en selfvertroue tot uitnemende prestasie beskryf kan word (Maslach et al., 2001; Rothmann & Storm, 2003; Schaufeli et al., 2002). Navorsing oor begeestering het in twee verwante, maar uiteenlopende, rigtings ontwikkel (Maslach et al., 2001; Rothmann & Storm, 2003). Volgens Maslach en Leiter (in Maslach et al., 2001) word begeestering gekenmerk deur energie, betrokkenheid en bekwaamheid, wat presies die teenoorgestelde van die uitbrandings-dimensies is, en ook deur die teenoorgestelde patroon van tellings op die MBI weerspieël word. Hoë vlakke van uitbranding sal dus op lae vlakke van begeestering dui, terwyl hoë vlakke van begeestering weer omgekeerd op lae vlakke van uitbranding sal dui.

Volgens Schaufeli (in Maslach et al., 2001) kan begeestering egter in eie reg as drie-dimensionele konstruk geoperasionaliseer word en as Energie (hoë vlakke van energie, gehardheid en volharding), Toewyding (hoë vlakke van betrokkenheid, entoesiasme en betekenisvolheid) en Absorpsie (hoë vlakke van totale werksverdieping) beskryf word. Begeestering word steeds as die positiewe antitese van uitbranding beskou, maar 'n onafhanklike vraelys wat as die *Utrecht Werksbegeesteringskaal (UWES)* bekend staan, is ontwikkel om begeesteringsvlakke te bepaal (Schaufeli, Salanova, Gonzalez-Roma & Bakker, 2002). Teoreties sal begeestering, wat deur hoë vlakke van energie, toewyding en absorpsie gekenmerk word, die individu teen uitbranding kan beskerm, terwyl lae vlakke van begeestering op die omgekeerde dui.

Navorsing dui daarop dat faktore wat aanleiding tot uitbranding gee in ten minste vier verskillende domeine verdeel kan word, naamlik biografiese-, persoonlikheids-, werksverwante- en werk/organisatoriese aspekte (Schaufeli & Enzmann, 1998). Die literatuur dui aan dat uitbranding wel korrelasies met verskeie persoonlikheidseienskappe toon (Cherniss, 1993; Maslach et al., 2001; Schaufeli & Buunk, 2002; Schaufeli & Enzmann, 1998). Navorsing toon egter sterker verbande tussen uitbranding en organisatoriese/ situasionele faktore aan (Cherniss, 1995; Maslach et al., 2001). Wat uitbranding in die bediening betref, het Swart (1999, 2002) die volgende faktore aangedui: aspekte inherent aan die sosiale konteks van die gemeente, persoonlikheidsaspekte van die predikant, onvoldoende sosiale ondersteuning (Cohen & Wills, 1985; Maslach et al., 2001), gebrek aan individuele-, bestuurs- en interpersoonlike vaardighede, roldubbelsinnigheid en -verwagtings, gebrek aan hulpbronne en administratiewe ondersteuning, weinig terugvoer of sigbare werksresultate, geen skeiding tussen werks-, privaat- en gesinslewe, onvoldoende wederkerigheid, gebrekkige kontrole, outonomie, deelname aan besluite en bestuursaspekte in die gemeente (Karasek & Theorell, 1990; Maslach et al., 2001), lae mobiliteit, onvoldoende wegbreekgeleenthede en eise wat die beskikbare hulpbronne oorskry.

In hierdie studie word uitbranding onder predikante egter vanuit die salutogene/fortigene paradigma benader, met die fokus op disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling. Die salutogene/fortigene benadering word eerstens deur koherensiesin as konstruk verteenwoordig. Koherensiesin as stabiele disposisionele karaktereienskap en wat primêr gedurende die eerste dekade van volwassenheid ontwikkel, stel volgens Antonovsky (1979, 1987) individue in staat om telkens die ekwilibrium (wat voortdurend deur stressore onder druk geplaas word) te herwin en stressore as hanteerbaar te beskou deur gebruik te maak van verskeie hulpbronne binne die eie of andere se beheer. 'n Sterk koherensiesin behoort individue dus in staat te stel om 'n wye reeks coping strategieë op buigsame wyse aan te wend. Coping word beskou as poging deur die individu om emosionele distres wat as potensieel skadelik of stresvol beoordeel word, te voorkom, vermy of beheer (Kleinke, 1998; Zeidner & Endler, 1996).

Navorsing bevestig dat disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling 'n belangrike rol in die voorspelling van coping speel (Krohne, 1996). Individue met 'n sterk koherensiesin behoort dus in staat te wees om die aard en dimensies van akute of chroniese stressore te begryp, en deur middel van die keuse en benutting van effektiewe coping

strategieë as hanteerbaar te beskou. Navorsing wys daarop dat individue wat hoë uitbrandingsvlakke toon, merendeels gebruik maak van passiewe en defensiewe coping strategieë, terwyl individue wat konfronterende, aktiewe coping strategieë benut, laer vlakke van uitbranding toon (Maslach et al., 2001; Schaufeli & Enzmann, 1998). Daar kan dus verwag word dat predikante wat oor 'n sterk koherensiesin beskik, beter in staat behoort te wees om deur suksesvolle response op stressore (konfronterende, aktiewe coping) die eustres-distres kontinuum effektief te beheer en wat aanleiding tot laer uitbrandingsvlakke behoort te gee. Daar kan voorts verwag word dat begeestering (as verdere ontwikkeling in die rigting van 'n meer positiewe of salutogene psigologie) ook 'n positiewe verwantskap met koherensiesin en konfronterende coping, maar 'n negatiewe verband met uitbranding sal toon.

Op grond van bogenoemde bespreking kan die volgende hipotese gestel word:

H<sub>1</sub>: Daar bestaan 'n prakties betekenisvolle korrelasie tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering onder predikante van die NH Kerk.

## **METODE**

### **Navorsingsontwerp**

Daar is gebruik gemaak van 'n nie-eksperimentele (korrelasionele) opname-ontwerp wat bekend staan as die dwarssnee-ontwerp en wat meting op 'n enkele tydstip behels (Huysamen, 1998). Volgens Shaughnessy en Zechmeister (1997) is hierdie tipe navorsing geskik om verhoudings tussen veranderlikes te ontleed met die doel om voorspellende verhoudings deur middel van 'n korrelasiekoëffisiënt te bepaal: “Cross-sectional designs are ideally suited to the descriptive and predictive functions associated with correlational research” (Shaughnessy & Zechmeister, 1997, p. 147).

### **Studiepopulasie**

Die studiepopulasie het bestaan uit 'n gestratifiseerde ewekansige (eweredige) steekproef ( $N = 87$ ) van al die diensdoende predikante van die NH Kerk en waarvan bruikbare response ontvang is. Predikante op studieverlof, met emeritaat of siekte-emeritaat en predikante in die buiteland is vir doeleindes van die studie uitgesluit.

Uit die totale getal diensdoende predikante van die NH Kerk ten tye van die ondersoek ( $N = 361$ ), is 'n gestratifiseerde ewekansige (eweredige) steekproef ( $n = 200$ ) getrek. Response van 90 predikante is terugontvang, waarvan slegs 87 as gevolg van ontbrekende inligting gebruik kon word. Die responskoers kom dus neer op 45%, terwyl die uiteindelijke getal response wat gebruik kon word ongeveer 24% van alle predikante van die Kerk verteenwoordig. Twee strata, naamlik werkskategorieë en lewensjare is onderskei. Vier werkskategorieë, naamlik volsorg, deelsorg, deelyds en beroepafwagting is onderskei, terwyl daar ook vier ouderdomskategorieë, naamlik 25-29 jaar, 30-39 jaar, 40-49 jaar en 50-65 jaar onderskei is. Daar was 14 response waarvan slegs die ouderdom aangedui is, terwyl drie response geen aanduiding van werkskategorie of ouderdom bevat het nie.

Tabel 1 verskaf 'n opsomming van die steekproefeienskappe wat in hierdie studie gebruik is.

Tabel 1

Samestelling van Totale Populasie Predikante (N = 361), Steekproef getrek (n = 200) en Vraelysrespons (n = 87)

Kategorie	Ouderdom*				Anoniem	Totaal	Persentasies
	1	2	3	4			
<b>A: Volsorg</b>							
Populasie	5	76	89	57		227	62,88
Steekproef	3	42	49	32		126	63,00
Respons	2	15	25	13		55	63,22
<b>B: Deelsorg</b>							
Populasie	14	23	11	5		53	14,68
Steekproef	8	12	6	3		29	14,50
Respons	2	4	0	0		6	6,90
<b>C: Deeltyds</b>							
Populasie	3	11	12	11		37	10,25
Steekproef	2	6	7	6		21	10,50
Respons	0	3	1	1		5	5,75
<b>D: Beroepafwagend</b>							
Populasie	5	15	18	6		44	12,19
Steekproef	3	8	10	3		24	12,00
Respons	0	0	4	0		4	4,60
<b>Anoniem</b>							
Respons	1	6	3	4	3	17	19,53
<b>Totaal</b>							
Populasie	27	125	130	79		361	100
Steekproef	16	68	72	44		200	100
Respons	5	28	33	18	3	87	100

\* Ouderdomskategorieë: 1 = 25-29 jaar; 2 = 30-39 jaar; 3 = 40-49 jaar; 4 = 50-65 jaar

Uit Tabel 1 kan afgelei word dat die grootste groep predikante in die volsorg kategorie (62,88%), met ouderdomsgroep 40-49 jaar, val. Hierdie verspreiding word ook weerspieël deur die aantal steekproefresponse in hierdie kategorie ontvang (63,22%). Deelsorg predikante (14,68%), deelydse predikante (10,25%) en beroepafwagende predikante (12,19%) vorm onderskeidelik die ander groeperings, maar is relatief klein in vergelyking met die aantal predikante in volsorg hoedanigheid. In al die kategorieë, behalwe dië van deelsorg predikante (30-39 jaar), is die ouderdomsgroep 40-49 jaar die meeste verteenwoordig. Hierdie statistiek word egter nie in die steekproefresponse weerspieël nie. Hiervolgens is van deelsorgpredikante 6,90%, deelydse predikante 5,75% en

beroepafwagtende predikante 4,60% response onderskeidelik ontvang, terwyl ouderdomsverspreiding ook nie ooreenstem nie. Daar was egter 19,53% response wat as anoniem geklassifiseer is en waarvan nie afleidings ten opsigte van kategorie predikant gemaak kon word nie. 'n Indeling van al die predikante volgens ouderdomskategorie, toon dat die meeste predikante in die ouderdomsgroep 40-49 jaar val ( $n = 130$ ), met die ouderdomsgroep 30-39 jaar ( $n = 125$ ) die tweede meeste verteenwoordig. Hierdie verspreiding word ook in die steekproefresponse weerspieël. Dit dien egter daarop gelet te word dat daar met relatief klein getalle in die verskillende kategorieë gewerk word en interpretasies dus met die nodige omsigtigheid gemaak sal moet word.

### **Meetinstrumente**

Daar is in die empiriese ondersoek van vier vraelyste gebruik gemaak, naamlik die *Lewensoriëntasie-vraelys* (LOV) (Antonovsky, 1987), die *Coping Orientation to Problems Experienced* (COPE) vraelys (Carver et al., 1989), die *Maslach Uitbrandingsvraelys – Mensdienste-opname* (MBI-HSS) (Maslach & Jackson, 1986), en die *Utrecht Werksbegeesteringskaal* (UWES) (Schaufeli et al., 2002).

Die *Lewensoriëntasie-vraelys* (LOV) (Antonovsky, 1987) is gebruik om deelnemers se koherensiesin te meet. Die LOV is 'n multi-dimensionele vraelys en bestaan uit 29 items. Koherensiesin bestaan uit drie dimensies, naamlik Verstaanbaarheid, Hanteerbaarheid en Betekenisvolheid (Antonovsky, 1993). Vir doeleindes van hierdie navorsing is egter telkens van die totale koherensiesintellings gebruik gemaak. Volgens Antonovsky (1993) is alfakoëffisiënte wat wissel van 0,82 tot 0,95 in 26 verskillende studies verkry. Rothmann (2000) het 'n alfakoëffisiënt van 0,89 vir die LOV gevind wat as aanvaarbaar beskou word ( $\alpha > 0,70$ , Nunnally & Bernstein, 1994). Toets-hertoets betroubaarheid word deur Antonovsky self (1993) tussen 0,52 en 0,56 gevind. In ander studies het die toets-hertoets betroubaarheid egter gewissel van 0,41 tot 0,97 (Antonovsky, 1993). In die oorgrote meerderheid studies wat kriteriumgeldigheid ondersoek het, is korrelasies gevind wat statisties betekenisvol is (Antonovsky, 1993).

Die *Coping Orientation to Problems Experienced* (COPE) vraelys (Carver et al., 1989) is gebruik om disposisionele verskille in deelnemers se stresresponse te bepaal. Die COPE is 'n

multi-dimensionele coping vraelys waarin 13 afsonderlike coping strategieë gekonseptualiseer word en wat uit 54 items bestaan (Carver et al., 1989). Vyf coping strategieë kan as probleem-gefokusde coping beskryf word, 'n verdere vyf as emosioneel-gefokusde coping, en drie strategieë is van disfunksionele aard. Carver et al. (1989) rapporteer Cronbach alfakoëffisiënte wat wissel tussen 0,45 en 0,92 en toets-hertoets betroubaarheid wat wissel van 0,46 tot 0,86 en 0,42 tot 0,89 vir twee verskillende studies. In hierdie studie is 'n hoofkomponente faktorontleding en ortogonale varimax rotasie op die COPE uitgevoer. Drie faktore is onttrek, naamlik Benaderings-coping (19 items), Soeke na Sosiale Ondersteuning (8 items), en Emosionele Ontlading (3 items). Aanvaarbare Cronbach alfakoëffisiënte van 0,90, 0,90 en 0,75 is onderskeidelik vir die drie faktore gevind ( $\alpha > 0,70$ , Nunnally & Bernstein, 1994).

Die *Maslach Uitbrandingsvraelys – Mensdienste-opname* (MBI-HSS) (Maslach & Jackson, 1986) is gebruik om deelnemers se vlakke van uitbranding te bepaal. Maslach en Jackson (1986) onderskei drie subskale vir die MBI-HSS, naamlik Emosionele Uitputting, Depersonalisasie en Persoonlike Bereiking. Aangesien faktorontleding daarop dui dat die drie subskale onafhanklik van mekaar hanteer kan word (Maslach & Jackson, 1986), word dit in hierdie studie as onafhanklike dimensies van uitbranding beskou. Maslach en Jackson (1986) het Cronbach alfakoëffisiënte met die MBI gevind wat wissel tussen 0,71 en 0,90 vir die drie subskale. Toets-hertoets betroubaarheid het gewissel tussen 0,60 en 0,82 in 'n studie met 'n interval van twee tot vier weke, en tussen 0,54 en 0,60 in 'n studie met 'n interval van een jaar. In hierdie studie is die drie-faktor struktuur van die MBI-HSS deur middel van strukturele vergelykingsmodellering bevestig, maar die beste passing is verkry deur vier items, naamlik items 12, 15, 16 en 22 buite rekening te laat. Aanvaarbare Cronbach alfakoëffisiënte van 0,91, 0,77 en 0,85 is onderskeidelik vir die drie dimensies gevind ( $\alpha > 0,70$ , Nunnally & Bernstein 1994).

Die *Utrecht Werksbegeesteringskaal* (UWES) (Schaufeli et al., 2002) is gebruik om deelnemers se begeesteringsvlakke te bepaal. Konseptueel word begeesting as die positiewe antitese van uitbranding gesien, maar tog in eie reg gedefinieer en geoperasionaliseer. Die UWES bestaan uit drie dimensies, naamlik Energie (hoë vlakke van energie, gehardheid en volharding), Toewyding (hoë vlakke van betrokkenheid, entoesiasme en betekenisvolheid) en Absorpsie (hoë vlakke van totale werksverdieping) (Maslach et al., 2001). Die UWES

bestaan uit 17 items waarin respondente versoek word om op 'n sewe-punt skaal (tussen nul en ses) die frekwensie van bepaalde werkservarings aan te dui. Nul is 'n aanduiding dat die ervaring nooit voorkom nie, terwyl ses aandui dat dit altyd die geval is. Cronbach alfakoëffisiënte vir die drie subskale wissel tussen 0,68 en 0,91.

### **Statistiese ontleding**

Statistiese ontleding is uitgevoer met behulp van die SAS-Program (SAS Institute, 2000). Hoofkomponente faktorontleding met 'n ortogonale varimax rotasie is op die items van die COPE uitgevoer om faktorekstraksie op items met korrelasies hoër as 0,45 toe te pas. Strukturele vergelykingsmodellering (SEM: "Structural Equation Modelling") soos geïmplementeer deur AMOS (Arbuckle, 1997) is op die MBI-HSS toegepas om 'n drie-faktor struktuur (faktorgeldigheid) met beste passing te bevestig. SEM is 'n statistiese metode wat 'n bevestigende benadering tot hipotesetoetsing verteenwoordig, deur gebruik te maak van die ontleding van 'n bepaalde strukturele teorie soos toegepas op 'n spesifieke fenomeen (Byrne, 2001). Wanneer die modelpassing egter nie aanvanklik bevestig word nie, word 'n verkennende benadering tot post-hoc faktorontleding gevolg. Deur middel van  $\chi^2$  statistiek, sowel as verskeie ander indekse vir beste passing, word die mate van ooreenkoms tussen die kovariansie matrikse van die teoretiese struktuur en die empiriese data vergelyk. 'n Groot  $\chi^2$  in verhouding tot die vryheidsgrade, is 'n aanduiding dat die model aangepas behoort te word om 'n beter passing ten opsigte van die data te verseker.

Aangesien  $\chi^2$  statistiek egter aan verskeie beperkings onderhewig is, is verskeie ander (meer pragmatiese) passingsindekse intussen deur navorsers ontwikkel (Naudé & Rothmann, 2003; Rothmann & Storm, 2003). Daar is van verskeie ander praktiese ad-hoc indekse in hierdie studie gebruik gemaak. Die passingsindeks (GFI) gee 'n aanduiding van die relatiewe hoeveelheid variansie en kovariansie wat in die steekproef in verhouding tot die populasieskatting voorspel word en waardes hoër as 0,90 word as 'n goeie passing beskou (Naudé & Rothmann, 2003). Die aangepaste passingsindeks (AGFI), se verspreiding en kritiese waardes is onbekend, maar beide die waardes vir die GFI en AGFI wissel tussen 0 en 1 en word as absolute waardes uitgedruk. Die parsieële passingsindeks (PGFI) neem die aantal veranderlikes in ag en toon normaalweg laer waardes as die ander indekse, maar waardes > 0,80 word as toepaslik beskou (Byrne, 2001). Die kritiese waarde vir die genormeerde passingsindeks (NFI), die vergelykende passingsindeks (CFI) en Tucker-Lewis indeks (TLI),

word op 0,90 gestel. Aanvaarbare vlakke vir die gemiddelde kwadraatfout (RMSEA), word tussen 0,50 en 0,80 gestel, met 0,60 as aanduiding van meer toepaslike passing (Naudé & Rothmann, 2003; Rothmann & Storm, 2003).

Beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwyking, skeefheid en kurtose) word gebruik om die data te ontleed. Cronbach alfakoëffisiënte en inter-item korrelasiekoëffisiënte word gebruik om interne konsekwentheid (betroubaarheid en geldigheid) van die meetinstrumente te bepaal (Clark & Watson, 1995). Pearson produk-moment korrelasiekoëffisiënte met afsnypunt 0,30 (medium effek, Cohen, 1988; Steyn, 2002) word gebruik om die verhouding tussen die veranderlikes te beskryf. Variansieanalise (ANOVA) en Tukey vergelykingstegnieke word gebruik om prakties betekenisvolle verskille tussen subgroepe in die steekproef te bepaal. Die volgende formule word gebruik om die praktiese betekenisvolheid van verskille ( $d$ ) tussen die gemiddeldes van subgroepe te bepaal, met afsnypunt 0,50 (medium effek, Cohen, 1988):

$$d = \text{Gemiddeld}_A - \text{Gemiddeld}_B / \text{Gemiddelde Kwadraatfout}$$

Daar word van stapsgewyse meervoudige regressie gebruik gemaak om die bydrae van die onafhanklike veranderlikes (koherensiesin en 'n drie-faktormodel van die COPE) tot uitbranding te bepaal. Effekgroottes van toepassing op meervoudige regressie, en wat praktiese betekenisvolheid aandui, word deur die volgende formule aangedui (Steyn, 1999):

$$f^2 = R^2 / 1 - R^2$$

'n Afsnypunt van 0.15 (medium effek) word gebruik om die praktiese betekenisvolheid van  $f^2$  te bepaal. Kanoniese korrelasie ( $r_c$ ) word gebruik om die verhoudings tussen die dimensies van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering te ondersoek. Die doel van kanoniese korrelasie is om telkens die onderlinge verhouding tussen twee stelle veranderlikes te ontleed (Tabachnick & Fidell, 2001).

## RESULTATE

Bevestigende faktorontleding wat op die COPE uitgevoer is, het nie die bestaande faktorstruktuur bevestig nie. Die resultate van verkennende faktorontleding met hoofkomponente faktorekstraksie en 'n ortogonale varimax rotasie word in Tabel 2 aangedui. Drie faktore met onderskeidelik 19, 8 en 3 items is onttrek en waarvan die benamings in 'n voetnota weergegee word. Beladings op die veranderlikes van faktore, kommunaliteite, gekwadreerde meervoudige korrelasies, en persentasie variansie en kovariansie verklaar, word aangetoon. Nul-beladings dui op beladings onder 0,45 (20% variansie).

Tabel 2

*Faktorbeladings, Kommunaliteite ( $h^2$ ), Persentasie Variansie en Kovariansie Verklaar vir Hoofkomponente Faktorontleding en Ortogonale Varimax Rotasie op Items van die COPE*

Item	F <sub>1</sub>	F <sub>2</sub>	F <sub>3</sub>	$h^2$
Leer iets uit die ervaring	0,64	0,00	0,00	0,43
Dink na oor watter stappe om te neem	0,63	0,00	0,00	0,40
Doen stap-vir-stap wat gedoen moet word	0,63	0,00	0,00	0,44
Beraam aksieplanne	0,62	0,00	0,00	0,47
Vra God se hulp	0,62	0,00	0,00	0,40
Probeer strategie rondom praktiese optrede ontwikkel	0,61	0,00	0,00	0,47
Maak seker dat situasie nie vererger word deur voortydig op te tree nie	0,58	0,00	0,00	0,34
Vertrou op God	0,57	0,00	0,00	0,43
Konsentrasie op pogings om iets omtrent die situasie te doen	0,56	0,00	0,00	0,32
Weerhouding van oorhaastige optrede	0,54	0,00	0,00	0,33
Dwing self om vir regte geleentheid te wag om op te tree	0,50	0,00	0,00	0,30
Dink na oor mees effektiewe optrede	0,50	0,00	0,00	0,32
Probeer vertroosting in godsdiens vind	0,49	0,00	0,00	0,29
Leer om vrede met die situasie te maak	0,49	0,00	0,00	0,24
Probeer verhoed dat iets anders hanteringspogings in wiele ry	0,48	0,00	0,00	0,28
Probeer die positiewe in die situasie raaksien	0,47	0,00	0,00	0,48
Probeer om as persoon te groei as gevolg van die ervaring	0,47	0,00	0,00	0,35
Laat, waar nodig, ander dinge agterweë sodat beter op die probleem gekonsentreer kan word	0,46	0,00	0,00	0,23
Probeer die situasie in 'n positiewe lig beskou	0,46	0,00	0,00	0,24
Bespreek gevoelens met iemand anders	0,00	0,91	0,00	0,83
Probeer emosionele ondersteuning van vriende en familie bekom	0,00	0,86	0,00	0,75
Praat met iemand oor gevoelens	0,00	0,84	0,00	0,72
Praat met iemand wat iets konkreet aan situasie kan doen	0,00	0,83	0,00	0,73
Probeer advies van iemand anders oor die regte optrede bekom	0,00	0,72	0,00	0,52
Praat met iemand anders ten einde meer inligting omtrent die situasie te bekom	0,00	0,69	0,00	0,54
Ontlading van gevoelens	0,00	0,52	0,00	0,28
Vra raad van persone wat in dieselfde situasie was	0,00	0,46	0,00	0,23
Ervaar baie emosionele distres en uiter dikwels gevoelens daarvoor	0,00	0,00	0,72	0,58
Raak ontsteld en is deeglik bewus daarvan	0,00	0,00	0,68	0,47
Raak ontsteld en ontlai emosies	0,00	0,00	0,65	0,44
Gekwadreerde korrelasies	0,90	0,98	0,84	
Persentasie variansie	12,74	10,53	5,71	
Persentasie ko-variensie	43,96	36,33	19,71	

a Faktorbenamings F<sub>1</sub>: Benaderings-coping; F<sub>2</sub>: Soeke na Sosiale Ondersteuning; F<sub>3</sub>: Emosionele Ontlading

Uit Tabel 2 blyk dat 29,00 % van die totale variansie deur die drie faktore verklaar word. Die gekwadreerde korrelasies ( $R^2$ ) dui daarop dat al die faktore goed deur die veranderlikes beskryf word en oor interne konsekwentheid beskik. Kommunaliteite wissel tussen 0,23 en 0,83. Slegs 30 van die oorspronklike 54 items is ingevolge die afsnypunt van 0,45 behou.

Strukturele vergelykingsmodellering is met behulp van die AMOS-program (Arbuckle, 1999) gebruik om die oorspronklike teoretiese drie-faktormodel van die MBI-HSS (Maslach & Jackson, 1986) met die empiriese data te vergelyk. Passingstatistieke van die oorspronklike drie-faktormodel (22 items) word in Tabel 3 onder model 1 aangedui. Aangesien modelpassing, deur ontleding van die  $\chi^2$  statistiek in verhouding tot die vryheidsgrade, sowel as ontleding van die ander praktiese passingsindekse soos aangetoon in Tabel 3, egter nie aanvanklik bevestig kon word nie, is oorgegaan tot verkennende faktorontleding. Opeenvolgende drie-faktormodelle van die MBI-HSS is telkens deur middel van post-hoc faktorontleding deur itemweglating gepostuleer. Die passingstatistiek van twee opeenvolgende modelle (model 2 en 3) word ook in Tabel 3 aangedui.

Tabel 3

*Passingstatistieke van 3-Faktormodelle van die MBI-HSS vir Predikante*

	$\chi^2$	$\chi^2/df$	GFI	AGFI	PGFI	NFI	TLI	CFI	RMSEA
Model 1	373,05	1,81	0,72	0,66	0,59	0,69	0,81	0,83	0,10
Model 2	217,98	1,47	0,80	0,75	0,63	0,78	0,90	0,91	0,07
Model 3	187,78	1,43	0,81	0,76	0,62	0,80	0,92	0,93	0,07

Soos uit Tabel 3 afgelei kan word, verteenwoordig model 1 (22 items) 'n swak passing van die oorspronklike drie-faktormodel van die MBI-HSS met die empiriese data. Die  $\chi^2$  in verhouding tot die vryheidsgrade is hoog, terwyl die GFI, NFI, TLI en CFI almal onder 0,90; die PGFI onder 0,80 en die RMSEA bokant 0,80 is. In model 2 is items 12, 15 en 16 weggelaat, terwyl items 16 en 20 as gevolg van 'n kovariansiefout toegelaat is om te korreleer. In model 3 is 'n verdere item (item 22) weggelaat, terwyl items 16 en 20 steeds toegelaat is om te korreleer. Die finale drie-faktormodel van die MBI-HSS, soos toegepas op die empiriese data, bestaan dus uit 18 items en toon 'n meer aanvaarbare  $\chi^2$  in verhouding tot die vryheidsgrade. Die GFI en NFI is minstens bokant die 0,80 vlak, terwyl die TLI en CFI die aanbevole vlakke van  $> 0,90$  bereik het. Die PGFI toon normaalweg laer vlakke as die

ander indekse en het in model 3 'n vlak van  $> 0,60$  bereik, terwyl die RMSEA nou binne die aanvaarbare parameters van  $> 0,05$  en  $< 0,08$  val.

Tabel 4 toon die beskrywende statistiek, Cronbach alfakoëffisiënte en inter-item korrelasiekoëffisiënte van die meetinstrumente.

Tabel 4

*Beskrywende Statistiek, Cronbach Alfakoëffisiënte en Inter-Item Korrelasiekoëffisiënte van die Meetinstrumente (n = 87)*

Item	Gemiddeldes	s	Skeefheid	Kurtose	Inter-Item r	$\alpha$
<b>LOV</b>						
Koherensiesin	145,91	19,97	-0,65	-0,01	0,26	0,91
<b>COPE</b>						
Benaderings-coping	60,84	8,08	-0,87	1,41*	0,33	0,90
Soeke na Sosiale Ondersteuning	21,03	5,60	-0,02	-0,51	0,54	0,90
Emosionele Ontlading	6,66	2,17	0,26	-0,31	0,50	0,75
<b>MBI-HSS</b>						
Emosionele Uitputting	20,77	9,38	0,30	-0,55	0,56	0,91
Depersonalisasie	6,16	3,46	0,49	0,37	0,52	0,77
Persoonlike Bereiking	30,67	5,43	-0,98	1,40*	0,44	0,85
<b>UWES</b>						
Energie	24,68	5,18	-0,07	-0,62	0,43	0,83
Toewyding	23,10	4,93	-0,71	-0,06	0,64	0,90
Absorpsie	26,01	4,19	0,04	-0,25	0,18	0,53

\* Hoë Kurtose

Dit blyk uit Tabel 4 dat metings wat met die LOV, COPE, MBI-HSS, en UWES verkry is, relatief normaal versprei is. Slegs Benaderings-coping en Persoonlike Bereiking toon 'n ietwat hoë kurtose. Cronbach alfakoëffisiënte van al die meetinstrumente toon, behalwe by Absorpsie, aanvaarbare vlakke vergeleke met die riglyn van  $\alpha > 0,70$  (Nunnally & Bernstein, 1994). Met enkele uitsonderings is die inter-item korrelasies ook aanvaarbaar indien dit vergelyk word met die riglyn van  $0,15 < r < 0,50$  (Clark & Watson, 1995). Dit wil dus voorkom of die meetinstrumente oor aanvaarbare interne konsekwenheid beskik.

Tabel 5 dui die Pearson produk-moment korrelasiekoëffisiënte tussen Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeestering aan.

Tabel 5

*Pearson Produk-Moment Korrelasiekoëffisiënte tussen Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeesting*

Item	1	2	3	4	5	6	7	8	9
1. Koherensiesin	-	-	-	-	-	-	-	-	-
2. Benaderings-coping	0,52**	-	-	-	-	-	-	-	-
3. Soeke na Sosiale Ondersteuning	0,09	0,25	-	-	-	-	-	-	-
4. Emosionele Ontlading	-0,43*	-0,29	0,10	-	-	-	-	-	-
5. Emosionele Uitputting	-0,65**	-0,33*	-0,14	0,43*	-	-	-	-	-
6. Depersonalisasie	-0,50**	-0,26	-0,14	0,32*	0,60**	-	-	-	-
7. Persoonlike Bereiking	0,64**	0,56**	0,18	-0,37*	-0,48*	-0,34*	-	-	-
8. Energie	0,71**	0,54**	0,16	-0,50**	-0,62**	-0,47*	0,73**	-	-
9. Toewyding	0,66**	0,47*	0,22	-0,41*	-0,56**	-0,42*	0,79**	0,84**	-
10. Absorpsie	0,31*	0,27	0,13	-0,22	-0,18	-0,28	0,50**	0,56**	0,58**

\* Korrelasie is prakties betekenisvol  $r > 0,30$  (medium effek)

\*\* Korrelasie is prakties betekenisvol  $r > 0,50$  (groot effek)

Volgens Tabel 5 korreleer verskeie veranderlikes op prakties betekenisvolle wyse ( $r > 0,30$ , medium effek en  $r > 0,50$ , groot effek, Cohen, 1988). Koherensiesin korreleer positief met Benaderings-coping, Persoonlike Bereiking, Energie, Toewyding en Absorpsie, terwyl dit negatief met Emosionele Ontlading, Emosionele Uitputting en Depersonalisasie korreleer. Benaderings-coping korreleer positief met Persoonlike Bereiking, Energie en Toewyding en negatief met Emosionele Uitputting. Emosionele Ontlading korreleer positief met Emosionele Uitputting en Depersonalisasie, terwyl dit negatief met Persoonlike Bereiking, Energie en Toewyding korreleer. Emosionele Uitputting korreleer positief met Depersonalisasie en negatief met Persoonlike Bereiking, Energie en Toewyding. Depersonalisasie korreleer negatief met Persoonlike Bereiking, Energie en Toewyding. Persoonlike Bereiking korreleer positief met al drie dimensies van Begeesting, terwyl al drie hierdie dimensies ook onderling met mekaar korreleer ( $r > 0,50$ , groot effek).

Tabel 6 toon die verskille in die gemiddelde vlakke van Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeesting onder predikante ten opsigte van werkskategorie.

Tabel 6

*Verskille in Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeesting met betrekking tot Kategorie Predikant*

Item	Kategorie				Gemiddelde Kwadraatfout	p
	Volsorg	Deelsorg	Deeltyds	Beroepafwagend		
Koherensiesin	145,95	148,00	154,80	137,40	21,04	0,62
Benaderings-coping	59,98	66,14	62,60	64,80	8,46	0,22
Soeke na Sosiale Ondersteuning	20,65	22,14	19,00	22,20	5,91	0,77
Emosionele Ontlading	6,65	5,86	6,40	7,40	2,21	0,68
Emosionele Uitputting	20,82	18,14	18,00	22,40	9,99	0,82
Depersonalisasie	5,35	5,86	6,60	9,20	3,32	0,10
Persoonlike Bereiking	30,85	31,71	33,20	31,80	5,54	0,73
Energie	24,87	25,71	27,00	23,40	5,42	0,74
Toewyding	23,18	24,57	25,60	20,40	5,06	0,38
Absorpsie	26,07	26,43	28,00	25,00	4,38	0,73

Uit Tabel 6 is dit duidelik dat daar geen statisties betekenisvolle verskille ( $p < 0,05$ ) onder predikante met betrekking tot werkskategorie aangedui kan word nie.

Tabel 7 toon die verskille in die gemiddelde vlakke van Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeesting onder predikante ten opsigte van ouderdom.

Tabel 7

*Verskille in Koherensiesin, Coping, Uitbranding en Begeestering onder Predikante met betrekking tot Ouderdom*

Item	Ouderdom				Gemiddelde kwadraatfout	p
	25 - 29	30 - 39	40 - 49	50 - 65		
Koherensiesin	151,20	145,79	141,97	153,83	20,00	0,23
Benaderings-coping	63,20	60,04	61,06	61,22	8,33	0,87
Soeke na Sosiale Ondersteuning	26,20 <sup>c</sup>	20,32 <sup>a</sup>	21,91 <sup>a</sup>	18,83 <sup>b</sup>	5,50	0,04 <sup>*</sup>
Emosionele Ontlading	6,60	7,14	6,42	5,94	2,13	0,30
Emosionele Uitputting	12,00 <sup>c</sup>	22,04 <sup>a</sup>	22,82 <sup>a</sup>	16,72 <sup>b</sup>	9,01	0,01 <sup>*</sup>
Depersonalisasie	3,80	6,89	5,94	5,39	3,37	0,20
Persoonlike Bereiking	32,40	29,93	30,82	31,83	5,48	0,62
Energie	29,00	24,71	23,94	25,61	5,13	0,20
Toewyding	26,40	22,68	22,82	23,94	4,90	0,39
Absorpsie	26,40	26,39	25,97	26,00	4,26	0,98

\* Statisties betekenisvolle verskil ( $p < 0,05$ ) waar boskrif verskille van ander ouderdomsgroepe aantoon

a Prakties betekenisvolle verskille in ouderdomsgroep (klein), b (praktiese betekenisvolheid, medium effek  $d \geq 0,50$ ) of c (praktiese betekenisvolheid, groot effek  $d \geq 0,80$ )

Dit blyk uit Tabel 7 dat statisties betekenisvolle verskille ( $p < 0,05$ ) met betrekking tot Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Uitputting in verskillende ouderdomskategorieë onder predikante bestaan. Predikante van 25-29 jaar maak meer van Soeke na Sosiale Ondersteuning as al hul ouer kollegas gebruik (medium tot groot effek), terwyl predikante van 50-65 jaar minder van hierdie tipe coping gebruik maak as jonger predikante van 40-49 jaar (medium effek). Wat Emosionele Uitputting betref, is predikante van 25-29 jaar, in vergelyking met al hul ouer kollegas, minder emosioneel uitgeput (medium tot groot effek). Predikante van 50-65 jaar is ook minder emosioneel uitgeput as predikante in die ouderdomsgroepe 30-39 en 40-49 jaar, maar steeds meer emosioneel uitgeput as jong dominees van 25-29 jaar (medium effek). Dit wil dus voorkom of die emosionele uitputtingskurwe by predikante 'n hoogtepunt bereik by ouderdom 30-49 jaar, waarna dit afplat by ouderdom 50-65 jaar, maar steeds hoër bly as by ouderdomsgroep 25-29 jaar.

Vanweë die relatief klein subgroepe in die steekproefrespons moet hierdie bevindings egter met omsigtigheid geïnterpreteer word.

Tabel 8 toon die resultate van 'n meervoudige regressie-ontleding met koherensiesin (soos gemeet deur die LOV) en 'n drie-faktormodel van coping (soos gemeet deur die COPE) as onafhanklike veranderlikes, en die drie uitbrandingsdimensies (soos gemeet deur die MBI-HSS) as afhanklike veranderlikes.

Tabel 8

*Meervoudige Regressie met Koherensiesin en 'n 3-Faktormodel van die COPE as Onafhanklike Veranderlikes (OV), en die Dimensies van Uitbranding as Afhanklike Veranderlikes (AV)*

Veranderlike	Parameter	SF	t	p	sr <sub>i</sub> <sup>2</sup>
AV = Emosionele Uitputting; OV = Koherensiesin, Benaderings-coping, Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Ontlading $F = 17,73^*$ $R^2 = 0,46$ $\sum sr_i^2 = 0,2640^{++}$					
Parameter	54,24	8,56	6,34	0,0001	-
Koherensiesin	-0,27	0,047	-5,72	0,0001	0,2139
Benaderings-coping	0,06	0,11	0,56	0,5783	0,0020
Soeke na Sosiale Ondersteuning	-0,20	0,14	-1,37	0,1742	0,0123
Emosionele Ontlading	0,93	0,40	2,4	0,0218	0,0358
AV = Depersonalisasie; OV = Koherensiesin, Benaderings-coping, Soeke na Sosiale Ondersteuning, Emosionele Ontlading en Emosionele Uitputting $F = 10,33^*$ $R^2 = 0,39$ $\sum sr_i^2 = 0,1356^+$					
Parameter	6,93	4,14	1,67	0,0979	
Koherensiesin	-0,03	0,02	-1,43	0,1578	0,0153
Benaderings-coping	0,01	0,05	0,26	0,7987	0,0005
Soeke na Sosiale Ondersteuning	-0,05	0,06	-0,84	0,4006	0,0054
Emosionele Ontlading	0,10	0,16	0,60	0,5521	0,0027
Emosionele Uitputting	0,17	0,04	3,85	0,0002	0,1117
AV = Persoonlike Bereiking; OV = Koherensiesin, Benaderings-coping, Soeke na Sosiale Ondersteuning, Emosionele Ontlading $F = 19,74^*$ $R^2 = 0,49$ $\sum sr_i^2 = 0,1923^+$					
Parameter	2,20	4,83	0,46	0,6492	
Koherensiesin	0,12	0,03	4,47	0,0001	0,1240
Benaderings-coping	0,18	0,06	2,88	0,0050	0,0516
Soeke na Sosiale Ondersteuning	0,08	0,08	1,03	0,3045	0,0066
Emosionele Ontlading	-0,28	0,22	-1,28	0,2059	0,0101

\* Statisties betekenisvol  $p < 0,0001$

+ Prakties betekenisvolle interaksie  $f^2 > 0,15$  (medium effek)

++ Prakties betekenisvolle interaksie  $f^2 > 0,35$  (groot effek)

Uit Tabel 8 blyk dat 46% van die totale variansie in Emosionele Uitputting (soos gemeet deur die MBI-HSS) deur Koherensiesin (soos gemeet deur die LOV) en Coping (soos gemeet deur die COPE) voorspel word. Die som van die kwadrate van die semi-parsiële korrelasies ( $\sum sr_i^2$ ) gee 'n aanduiding van die persentasie variansie in die afhanklike veranderlike wat afsonderlik en gesamentlik deur die onafhanklike veranderlikes voorspel word en is in hierdie geval 26,40% (groot effek  $f^2 > 0,35$ , Cohen, 1988). Die verskil van 19,40% in totale variansie voorspel ( $R^2$ ) en  $\sum sr_i^2$ , kan toegeskryf word aan interaksie tussen die onafhanklike veranderlikes. Die onafhanklike veranderlikes Koherensiesin, Coping en Emosionele Uitputting voorspel 39% van die variansie in Depersonalisasie ( $\sum sr_i^2 = 13,56\%$ ,  $f^2 > 0,15$ , medium effek). Koherensiesin en Coping voorspel 49% van die variansie in Persoonlike Bereiking ( $\sum sr_i^2 = 19,23\%$ ,  $f^2 > 0,15$ , medium effek).

Tabel 9 toon die resultate van die kanoniese ontleding tussen Koherensiesin en Coping (stel 1) en Uitbranding (stel 2).

Tabel 9

*Resultate van die Kanoniese Ontleding: Koherensiesin, Coping en Uitbranding*

	Kanoniese Variaat	
	Korrelasie	Koëffisiënt
<b>Stel 1: Koherensiesin en Coping</b>		
Koherensiesin	0,95*	0,75
Benaderings-coping	0,66*	0,16
Soeke na Sosiale Ondersteuning	0,25	0,16
Emosionele Ontlading	-0,59*	-0,24
Persentasie Variansie	0,44	
Oortolligheid	0,28	
<b>Stel 2: Uitbranding</b>		
Emosionele Uitputting	-0,84*	-0,46
Depersonalisasie	-0,65*	-0,17
Persoonlike Bereiking	0,86*	0,59
Persentasie Variansie	0,62	
Oortolligheid	0,39	
Kanoniese Korrelasie	0,79	

\* Korrelasie  $> 0,30$

Resultate van die kanoniese ontleding soos weergegee in Tabel 9, toon slegs een statisties betekenisvolle kanoniese variaat met kanoniese korrelasie van 0,79 (63% gedeelde variansie)

en  $F(12, 211,95) = 8,91$  met  $p < 0,0001$ . Met 'n afsnytpunt van 0,30, toon Koherensiesin, Benaderings-coping en Emosionele Ontlading uit die eerste stel veranderlikes 'n korrelasie met die kanoniese variaat. Uit die tweede stel veranderlikes toon Emosionele Uitputting, Depersonalisasie en Persoonlike Bereiking 'n korrelasie met die kanoniese variaat. Koherensiesin (0,95), Benaderings-coping (0,66) en inverse Emosionele Ontlading (-0,59) word in verband gebring met Persoonlike Bereiking (0,86) en negatief met Emosionele Uitputting (-0,84) en Depersonalisasie (-0,65).

Tabel 10 toon die resultate van die kanoniese ontleding tussen Koherensiesin en Coping (stel 1) en twee dimensies van Uitbranding (stel 2, sonder Persoonlike Bereiking).

Tabel 10

*Resultate van die Kanoniese Ontleding: Koherensiesin, Coping en Uitbranding (sonder Persoonlike Bereiking)*

Stel 1: Koherensiesin en Coping	Kanoniese Variaat	
	Korrelasie	Koëffisiënt
Koherensiesin	-0,95*	-0,84
Benaderings-coping	-0,49*	0,08
Soeke na Sosiale Ondersteuning	-0,21	-0,19
Emosionele Ontlading	0,63*	0,31
Persentasie Variansie	0,40	
Oortolligheid	0,19	
<b>Stel 2: Uitbranding</b>		
Emosionele Uitputting	0,98*	0,82
Depersonalisasie	0,76*	0,26
Persentasie Variansie	0,76	
Oortolligheid	0,37	
Kanoniese Korrelasie	0,70	

\* Korrelasie > 0.30

Die kanoniese ontleding in Tabel 10 dui op slegs een statisties betekenisvolle kanoniese variaat met kanoniese korrelasie van 0,70 (49% gedeelde variansie) en  $F(8, 162) = 8,00$  met  $p < 0,0001$ .

Met afsnypunt 0,30, toon Koherensiesin, Benaderings-coping en Emosionele Ontlading uit die eerste stel veranderlikes 'n korrelasie met die kanoniese variaat. Uit die tweede stel veranderlikes toon Emosionele Uitputting en Depersonalisasie 'n korrelasie met die kanoniese variaat. Koherensiesin (-0,95) en Benaderings-coping (-0,49) toon 'n inverse verwantskap met Emosionele Uitputting (0,98) en Depersonalisasie (0,76), terwyl Emosionele Ontlading (0,63) op direkte wyse met hierdie twee dimensies van Uitbranding in verband gebring word.

Tabel 11 toon die resultate van die kanoniese ontleding tussen Koherensiesin en Coping (stel 1) en Persoonlike Bereiking en Begeestering (stel 2).

Tabel 11

*Resultate van die Kanoniese Ontleding: Koherensiesin, Coping, Persoonlike Bereiking en Begeestering*

	Kanoniese Variaat	
	Korrelasie	Koëffisiënt
<b>Stel 1: Koherensiesin en Coping</b>		
Koherensiesin	0,93*	0,66
Benaderings-coping	0,73*	0,29
Soeke na Sosiale Ondersteuning	0,22	0,11
Emosionele Ontlading	-0,61*	-0,26
Persentasie Variansie	0,45	
Oortolligheid	0,29	
<b>Stel 2: Persoonlike Bereiking en Begeestering</b>		
Persoonlike Bereiking	0,87*	0,38
Energie	0,95*	0,73
Toewyding	0,87*	0,08
Absorpsie	0,44*	-0,19
Persentasie Variansie	0,65	
Oortolligheid	0,42	
Kanoniese Korrelasie	0,80	

\* Korrelasie > 0.30

Resultate van die kanoniese ontleding met Koherensiesin en Coping as eerste stel veranderlikes en Persoonlike Bereiking en die dimensies van Begeestering as tweede stel veranderlikes, toon slegs een statisties betekenisvolle kanoniese variaat met kanoniese korrelasie 0,80 (64% gedeelde variansie) en  $F(16, 241,99) = 6,62$  met  $p < 0,0001$ .

Met afsnypunt 0,30, korreleer Koherensiesin, Benaderings-coping en Emosionele Ontlading uit die eerste stel veranderlikes met die kanoniese variaat. Uit die tweede stel veranderlikes korreleer Persoonlike Bereiking, Energie, Toewyding en Absorpsie met die kanoniese variaat. Koherensiesin (0,93), Benaderings-coping (0,73) en inverse Emosionele Ontlading (-0,61) toon 'n verwantskap met Persoonlike Bereiking (0,87), Energie (0,95), Toewyding (0,87) en Absorpsie (0,44). Dit wil dus voorkom of die salutogene/fortigene konstrukte van Koherensiesin (met aktiewe, probleemoplossende coping) en Begeestering (met die ervaring van Persoonlike Bereiking) 'n verwantskap met mekaar toon.

## BESPREKING

In die literatuur word predikante as 'n hoë risiko beroepsgroep ten opsigte van uitbranding beskou (Malan, 2000; Swart, 1999, 2002). As hulpverleners is hulle blootgestel aan veeleisende werksomstandighede met unieke werksverwante en kliëntverwante stressore en wat 'n hoë korrelasie met uitbranding toon (Swart 2002). Hierdie studie het die vlakke en moontlike verhoudings tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering by predikante van die NH Kerk ondersoek. Uit die resultate van die studie kon nie enige afleidings met betrekking tot die vlakke van uitbranding onder predikante van die NH Kerk gemaak word nie, aangesien vergelykende norms vir predikante in Suid Afrikaanse konteks as spesifieke beroepsgroep nog nie vasgestel is nie. Dit wil egter voorkom of die belewenis van persoonlike effektiwiteit by predikante 'n positiewe rol in die ervaring van begeestering teenoor uitbranding kan speel. Die studie het wel prakties betekenisvolle korrelasies tussen die konstrukte wat ondersoek is gevind, met bepaalde implikasies vir werwing, keuring, induksie, opleiding en voortgesette begeleiding in die amp. Die studie het dus ook die navorsingshipotese, naamlik dat daar 'n prakties betekenisvolle korrelasie tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering by predikante van die NH Kerk bestaan, bevestig.

Met betrekking tot die meetinstrumente, is 'n drie-faktor model van die COPE met 30 items deur middel van hoofkomponente faktorekstraksie en 'n ortogonale varimax rotasie verkry. Die faktore (Benaderings-coping, Soeke na Sosiale Ondersteuning en Emosionele Ontlading) toon 'n vermenging van coping strategieë by predikante. Strukturele vergelykingsmodellering wat met behulp van AMOS (Arbuckle, 1999) uitgevoer is, het 'n drie-faktorstruktuur van die

MBI-HSS met 18 items vir predikante bevestig. Die meetinstrumente het 'n normaalverspreiding getoon met aanvaarbare vlakke van interne konsekwentheid.

Pearson produk-moment korrelasies het verskeie prakties betekenisvolle verbande tussen die veranderlikes getoon (afsnypunt  $r > 0,30$ , medium effek). Koherensiesin (wat 'n salutogene/fortigene konstruk uit die meer positiewe benadering tot psigologie is) hou verband met benaderings-coping (probleemoplossende, aktiewe coping), persoonlike bereiking en al die dimensies van werksbegeestering, terwyl dit negatief korreleer met emosionele ontlading (passiewe coping), sowel as emosionele uitputting en depersonalisasie.

Dit blyk dus dat predikante wat oor hoër vlakke van koherensiesin beskik, ook meer van probleemoplossende, aktiewe coping gebruik sal maak, hoër begeestering sal ervaar en minder geneig tot emosionele uitputting en depersonalisasie (en dus uitbranding) sal wees. Koherensiesin verteenwoordig 'n deurlopende ervaring by die individu dat stimuli vanuit die omgewing gestruktureerd, voorspelbaar en verstaanbaar is; dat voldoende hulpbronne beskikbaar is om die eise wat deur stimuli (stressore) gestel word te hanteer; dat die eise as uitdagings gesien kan word en dat dit die moeite werd is om aandag daaraan te spandeer. Predikante met 'n sterk koherensiesin is dus in staat om die aard en dimensies van stressore te begryp en deur middel van die keuse en benutting van effektiewe response (benaderings-coping) die eustres-distres kontinuum effektief te beheer en wat aanleiding tot laer uitbrandingsvlakke gee. Benaderings-coping hou verband met persoonlike bereiking, energie en toewyding, terwyl dit 'n inverse verwantskap met emosionele uitputting toon. Predikante wat van benaderings-coping gebruik maak, behoort dus hoër begeestering en minder emosionele uitputting te ervaar. Emosionele ontlading korreleer met emosionele uitputting en depersonalisasie, terwyl dit 'n inverse verwantskap met persoonlike bereiking, energie en toewyding toon. Predikante wat van hierdie passiewe manier van coping gebruik maak, behoort dus ook meer emosionele uitputting en depersonalisasie en laer begeestering te ervaar.

Emosionele uitputting toon 'n verwantskap met depersonalisasie, terwyl beide emosionele uitputting en depersonalisasie 'n inverse verhouding met persoonlike bereiking, energie en toewyding toon. Predikante wat emosioneel uitgeput is, behoort dus ook hoër vlakke van depersonalisasie, maar lae vlakke van begeestering te ervaar, terwyl hoër depersonalisasie as sodanig ook dieselfde effek behoort te hê. Persoonlike bereiking korreleer konstant (groot

effek) met al die dimensies van begeestering, terwyl die dimensies van begeestering ook onderling (groot effek) met mekaar korreleer. Persoonlike bereiking kan dus moontlik teoreties as 'n begeestering-konstruksie gesien word en is ook in die kanoniese vergelykings as sodanig behandel. Oor die algemeen bevestig die korrelasies wat in hierdie studie verkry is die resultate van ander uitbrandingsnavorsing (Maslach et al., 2001; Schaufeli & Buunk, 2002; Schaufeli & Enzmann, 1998).

Daar is ook 'n vergelyking tussen predikante met betrekking tot werkskategorie (volsorg, deelsorg, deelyds en beroepafwagting) en ouderdom (25-29 jaar, 30-39 jaar, 40-49 jaar en 50-65 jaar) getref. Geen statisties betekenisvolle verskille ( $p < 0,05$ ) kon met betrekking tot werkskategorie aangetoon word nie, maar enkele prakties betekenisvolle verskille (afsnypunt  $d \geq 0,50$ , medium effek) is wel onder predikante met betrekking tot ouderdom gevind. Predikante van 25-29 jaar maak meer van Soeke na Sosiale Ondersteuning as al hul ouer kollegas gebruik, terwyl die 50-65 jaargroep hierdie tipe coping minder as die 40-49 jariges gebruik. Daar kon egter geen prakties betekenisvolle korrelasie van hierdie tipe coping met enige van die ander veranderlikes aangetoon word nie. Dit blyk dus dat sosiale ondersteuning vir instrumentele/emosionele redes en benut as coping strategie, slegs beperkte waarde in terme van die hantering van uitbranding onder predikante het (Cohen & Wills, 1985; Maslach et al., 2001). Wat Emosionele Uitputting betref, is predikante van 25-29 jaar minder emosioneel uitgeput as al hul ouer kollegas terwyl die ouderdomsgroep 50-65 jaar ook minder emosioneel uitgeput is as dominees van 30-39 en 40-49 jaar, maar steeds meer emosioneel uitgeput as jong dominees van 25-29 jaar. Tussen die ouderdomsgroepe 30-39 en 40-49 jaar kon egter geen prakties betekenisvolle verskil ten opsigte van Emosionele Uitputting gevind word nie. Dit wil dus voorkom of die emosionele uitputtingskurwe by predikante 'n hoogtepunt bereik by ouderdom 30-49 jaar, waarna dit afplat by ouderdom 50-65 jaar, maar steeds hoër bly as by ouderdomsgroep 25-29 jaar. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Oswald (1995), soos aangehaal deur Swart (2002), dat uitbrandingspersentasies onder predikante na tien jaar in die bediening mag toeneem. Die rede vir die afplating by 50-65 jaar mag moontlik daaraan toegeskryf word dat predikante wat hoër vlakke van uitbranding beleef het, reeds teen daardie tyd die bediening verlaat het ("survival bias", Maslach et al., 2001) of intussen geleer het om anders met stressore om te gaan. Wat Depersonalisasie betref, kon geen statisties betekenisvolle verskil tussen die verskillende ouderdomsgroepe gevind word nie. Vanweë die relatief klein subgroepe in die steekproefrespons moet hierdie bevindings egter met omsigtigheid geïnterpreteer word.

'n Meervoudige regressieontleding met koherensiesin en die drie-faktor coping-model as onafhanklike veranderlikes, terwyl die dimensies van uitbranding as afhanklike veranderlikes gedien het, is verder uitgevoer ten einde te bepaal of koherensiesin en coping gebruik kan word om uitbranding te voorspel. Daar is gevind dat Koherensiesin en Coping wel Emosionele Uitputting ( $f^2 > 0,35$ , groot effek), Depersonalisasie (met Emosionele Uitputting as verdere onafhanklike veranderlike  $f^2 > 0,15$ , medium effek) en Persoonlike Bereiking ( $f^2 > 0,15$ ) voorspel. Predikante se uitbrandingsvlakke sal dus gedeeltelik deur hul koherensiesin en coping strategieë bepaal word. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Malan (2000) en Malan en De Bruin (2001), wat bevind het dat koherensiesin by predikante as buffer-effek teen uitbranding kan dien. Dit wil ook voorkom of Emosionele Uitputting 'n gedeeltelike voorspeller van Depersonalisasie by predikante kan wees. Hierdie bevinding stem ooreen met resultate van ander uitbrandingsnavorsing (Maslach et al., 2001).

Kanoniese ontledings met koherensiesin en coping as telkens een stel veranderlikes, terwyl uitbranding en begeestering onderskeidelik as tweede stel veranderlikes gedien het, het die resultate hierbo grootliks bevestig. Koherensiesin, benaderings-coping en inverse emosionele ontlading toon 'n positiewe verwantskap met persoonlike bereiking en begeestering, maar 'n negatiewe verband met emosionele uitputting en depersonalisasie. Soeke na sosiale ondersteuning toon egter geen prakties betekenisvolle korrelasies met die ander veranderlikes nie en bevestig die opmerking wat hierbo oor hierdie coping strategie gemaak is. Dit blyk dus dat hoë vlakke van Koherensiesin en benaderings-coping, maar lae vlakke van emosionele ontlading, in verband gebring kan word met hoë vlakke van persoonlike bereiking en begeestering en lae vlakke van emosionele uitputting en depersonalisasie. Dit wil voorkom of die meer salutogene/fortigene konstrakte van koherensiesin en begeestering met mekaar verband hou en dat persoonlike bereiking en benaderings-coping (as aktiewe probleemoplossende coping en waarin religieuse aspekte 'n rol speel) ook met hierdie konstrakte in verband gebring kan word en wat afsonderlik en gesamentlik 'n rol kan speel in die verlaging van uitbrandingsvlakke. Emosionele Ontlading is telkens met Uitbranding in verband gebring en dit wil voorkom of hierdie passiewe coping strategie verband hou met hoër uitbrandingsvlakke. Hierdie bevindings stem ook ooreen met ander uitbrandingsnavorsing (Maslach et al., 2001; Schaufeli & Buunk, 2002; Schaufeli & Enzmann, 1998).

Tekortkomings van hierdie studie het eerstens te doen met die steekproef. Alhoewel aanvanklik 'n steekproef van 200 predikante uit die totale getal predikante van 361 getrek is,

is response van slegs 90 (45%) terugontvang, waarvan 87 uiteindelik gebruik kon word. Daar was dus sprake van steekproefsydigheid in die respons. Waarskynlik ly die steekproefpersone wat nie gereageer het nie ( $n = 110$ , 55%), aan hoër vlakke van uitbranding as die groep wat wel gereageer het. Die steekproef was relatief klein en subgroepe daarom ook noodwendig te klein om met sekerheid gevolgtrekkings oor verskille tussen subgroepe te maak. 'n Verdere probleem met die studie het te doen met die navorsingsontwerp. Daar is gebruik gemaak van 'n nie-eksperimentele (korrelasionele) opname-ontwerp wat bekend staan as die dwarsnee-ontwerp en wat meting op 'n enkele tydstip behels. Die spesifieke navorsingsontwerp maak egter nie voorsiening vir kousale gevolgtrekkings nie. Alhoewel korrelasies dus aangetoon kan word, kan gevolgtrekkings oor die rigting van verwantskappe nie gemaak word nie. 'n Laaste probleem het te doen met die metingsvlakke wat van die veranderlikes verkry is. Vergelykende norms vir predikante in Suid Afrikaanse konteks as spesifieke beroepsgroep is nog nie vasgestel nie, met die gevolg dat daar nie met sekerheid afleidings ten opsigte van die spesifieke groep predikante se metingsvlakke gemaak kon word nie.

## AANBEVELINGS

Predikante is 'n hoë risiko beroepsgroep ten opsigte van uitbranding. 'n Kwalitatiewe loodsstudie bestaande uit fokusgroeponderhoude en wat in opdrag van die AKV (1992) onder predikante van die NH Kerk onderneem is, het getoon dat daar verskeie stressore van verskillende aard op predikante van die kerk inwerk en wat nie altyd genoegsaam hanteer word nie (Van Biljon, 1997). Die loodsstudie het aangetoon dat hierdie stressore waarskynlik 'n invloed op bedankings by predikante het en was ook die rede waarom die navorsers gehoop het om 'n effektiewe strategie met die oog op die skepping van 'n salutogene kultuur in die kerk te fasiliteer (Van Biljon, 1997). Stressore strek oor verskeie lewensdomeine met 'n bepaalde oorvloei-effek tussen domeine (Hobfoll & Freedy, 1993; Leiter & Durup, 1996; Maslach et al., 2001). Stres en stresverwante ervarings (soos uitbranding) sal dus in die Kerk as geheelprobleem hanteer moet word om 'n salutogene impak op sowel die organisasie, die verskillende werks- en sosiale groeperings, en die individu te hê. Navorsing het getoon dat, alhoewel disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling 'n invloed op uitbranding het, organisatoriese en situasionele faktore waarskynlik 'n groter invloed op sowel die ontstaan as hantering van uitbranding sal uitoefen.

Hierdie studie het egter die verband tussen disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling met uitbranding vanuit 'n salutogene/fortigene paradigma ondersoek. Vanuit hierdie navorsing kan aanbeveel word dat predikante deur verskeie metodes eerstens van stres en stresverwante ervarings (waaronder uitbranding) bewus gemaak sal moet word; verder om die simptome van uitbranding te herken en 'n begrip te hê van die etiologie en korrelasie van uitbranding met verskeie faktore.

Koherensiesin kan op positiewe wyse met begeesting teenoor uitbranding in verband gebring word. Die Kerk sal verdere navorsing oor die funksionering van koherensiesin in terme van begeesting en uitbranding by predikante moet laat doen. Aangesien koherensiesin volgens Antonovsky (1979, 1987) tydens die eerste dekade van vroeë volwassenheid ontwikkel, sal metodes ondersoek moet word oor hoe om die konstruk by teologiese studente en jong predikante te ontwikkel. Dit mag aspekte van persoonlikheidsontwikkeling deur individuele en groepsintervensies, sowel as mentorskappe insluit. Verder sal intervensies met die oog op die instandhouding van koherensiesin en deur die vestiging van 'n meer salutogene organisasiekultuur (sodat stimuli uit die organisasie-omgewing as meer verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol vertolk kan word), ondersoek moet word. Koherensiesin kan ook as konstruk by die aanvanklike keuring van teologiese kandidate dien (Malan, 2000).

Benaderings-coping (aktiewe, probleemoplossende coping) is deurlopend met laer vlakke van uitbranding in verband gebring, terwyl Emosionele Ontlading (passiewe coping) met hoër vlakke van uitbranding verbind is. Aandag kan in die aanvanklike opleiding sowel as tydens voortgesette begeleiding in die amp aan verskillende coping-strategieë en die korrelasie van coping met uitbranding gegee word. Dit sluit die ontleding van individuele coping strategieë sowel as die ontwikkeling van nuwe metodes van meer effektiewe coping in. Waarskynlik sal die ontwikkeling van spiritualiteit as dimensie van coping ook hierby ingesluit moet word, aangesien dit blykbaar deel vorm van effektiewe coping by predikante.

Begeesting word as positiewe antitese van uitbranding beskou en kan moontlik, soos koherensiesin, dien as buffer-effek teen uitbranding. Metodes om begeesting te versterk sal ondersoek en geïmplementeer moet word. Intervensies sal waarskynlik op individuele-, sowel as groeps- en organisasievlak moet plaasvind om effektief te wees, aangesien die individu se

houding teenoor sy beroep, maar ook die aard en inrigting van die werk as sodanig ter sprake kom.

## BRONNELYS

- Antonovsky, A. (1979). *Health, stress and coping*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1987). *Unraveling the mystery of health: How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1993). The structure and properties of the Sense of Coherence Scale. *Social Science and Medicine*, 36, 725-733.
- Arbuckle, J.L. (1997). *Amos user's guide version 4.0*. Chicago, IL: Smallwaters Corporation.
- Basson, M.J. & Rothmann, S. (2002). *Sense of coherence, coping and burnout of pharmacists*. Poster session presented at the 1<sup>st</sup> South African Burnout Conference, Potchefstroom.
- Basson, W.D., Basson, M.J., Rothmann, S. & Rothmann, J.C. (2001). *Sense of coherence, coping and burnout of pharmacists: Implications for competency development*. Paper presented at the 44<sup>th</sup> Annual General Meeting and the 15<sup>th</sup> Conference of SAAHIP.
- Brill, P.L. (1984). The need for an operational definition of burnout. *Family & Community Health*, 6, 12-24.
- Byrne, B.M. (2001). *Structural equation modelling with AMOS: Basic concepts, applications and programming*. Mahwah, NJ: Erlbaum.
- Cartwright, S. & Cooper, C.L. (1996). Coping in occupational settings. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of coping: Theory, research, applications* (pp. 202-220). New York: Wiley.
- Carver, C.S., Scheier, M.F., & Weintraub, J.K. (1989). Assessing coping strategies: A theoretically based approach. *Journal of Personality and Social Psychology*, 56, 267-283.
- Cherniss, C. (1993). Role of professional self-efficacy in the etiology and amelioration of burnout. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 135-149). Washington: Taylor & Francis.
- Cherniss, C. (1995). *Beyond burnout: Helping teachers, therapists, and lawyers recover from stress and disillusionment*. New York: Routledge.
- Clark, L.A. & Watson, D. (1995). Constructing validity: Basic issues in objective-scale development. *Psychological Assessment*, 7, 309-319.
- Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioral sciences* (2<sup>nd</sup> ed.). Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum & Associates.
- Cohen, S. & Wills, T.A. (1985). Stress, social support, and the buffering hypothesis. *Psychological Bulletin*, 98, 310-357.

- Cox, T., Kuk, G. & Leiter, M.P. (1993). Burnout, health, work stress and organizational healthiness. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 177-193). Washington: Taylor & Francis.
- Delpont, J.P. (1990). *Attributional distortions in burnout: A correlational study amongst ministers of religion*. Ongepubliseerde meestersgraad verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, Port Elizabeth.
- Hobfoll, S.E. & Freedy, J. (1993). Conservation of resources: A general stress theory applied to burnout. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 115-129). Washington: Taylor & Francis.
- Huysamen, G.K. (1998). *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Halfweghuis: Thomson Publishing.
- Karasek, R. & Theorell, T. (1990). *Healthy work: Stress, productivity and the reconstruction of working life*. New York: Basic Books.
- Kleinke, C.L. (1998). *Coping with life challenges*. San Francisco: Brooks/Cole.
- Krohne, H.W. (1996). Individual differences in coping. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of coping: Theory, research, applications* (pp. 381-409). New York: Wiley.
- Lazarus, R.S. & Folkman, S. (1984). *Stress, appraisal and coping*. Broadway, NY: Springer Publishing.
- Leiter, M.P. (1991). Coping patterns as predictors of burnout: The function of control and escapist coping patterns. *Journal of Organizational Behavior*, 12, 123-144.
- Leiter, M.P. (1993). Burnout as a developmental process: Consideration of models. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 237-250). Washington: Taylor & Francis.
- Leiter, M.P. & Durup, M.J. (1996). Work, home, and in-between: A longitudinal study of spillover. *The Journal of Applied Behavioral Science*, 32, 29-47.
- Malan, I.A. (2000). *Die verwantskap tussen koherensiesin, psigologiese uitbranding en werkstevredenheid by predikante*. Ongepubliseerde meestersgraad verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Malan, I.A. & De Bruin, G.P. (2001). Die verwantskap tussen koherensiesin, uitbranding, werkstevredenheid en voorneme om te bedank by predikante. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 42, 357-368.

- Maslach, C. & Jackson, S.E. (1986). *Maslach Burnout Inventory* (2<sup>nd</sup> ed.). Palo Alto, CA: Consulting Psychologists Press.
- Maslach, C., Schaufeli, W.B. & Leiter, M.P. (2001). Job burnout. *Annual Review of Psychology*, 52, 397-422.
- Naudé, J.L.P. & Rothmann, S. (2003). *The validation of the Maslach Burnout Inventory – Human Sciences Survey for emergency workers in Gauteng*. Paper presented at the 6<sup>th</sup> Annual Conference of the Society for Industrial/Organisational Psychology, Johannesburg.
- Nunnally, J.C. & Bernstein, I.H. (1994). *Psychometric theory* (3<sup>rd</sup> ed.). New York: McGraw-Hill.
- Odendal, F.J. (1984). *Die predikant en uitbranding: 'n Sielkundige ondersoek*. Ongepubliseerde meestersgraad skripsie, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Oswald, R.M. (1995). *Clergy self-care. Finding a balance for effective ministry*. New York: The Alban Institute.
- Pines, A.M. (1993). Burnout: An existential perspective. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 33-51). Washington: Taylor & Francis.
- Pines, A., & Aronson, E. (1988). *Career burnout: Causes and cures*. New York: Free Press.
- Roos, N.J. & Möller, A.T. (1989). *Stres: Hanteer dit self*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Rothmann, S. (2000, July). *Sense of coherence, locus of control and job satisfaction*. Paper presented at the 27<sup>th</sup> International Congress of Psychology, Stockholm.
- Rothmann, S., Malan, A.M. & Rothmann, J.C. (2001). *Sense of coherence, coping and burnout in a corporate pharmacy group*. Paper presented at the 7<sup>th</sup> Annual PsySSA Conference, Johannesburg.
- Rothmann, S. & Storm, K. (2003). *Work engagement in the South African Police service*. Poster session presented at the 11<sup>th</sup> European Congress of Work and Organizational Psychology, Lisbon.
- SAS Institute. (2000). *The SAS System for Windows: Release 8.01*. Cary, NC: SAS Institute Inc.
- Schaufeli, W.B. & Buunk, B.P. (2002, March). *Burnout: An overview of 25-years of research and theorizing*. Paper presented at the 1<sup>st</sup> South African Burnout Conference, Potchefstroom.

- Schaufeli, W. & Enzmann, D. (1998). *The burnout companion to study and practice: A critical analysis*. Padstow, UK: Taylor & Francis.
- Schaufeli, W.B., Martinez, I.M., Pinto, A.M., Salanova, M. & Bakker, A.B. (2002, September). Burnout and engagement in university students: A cross-national survey. *Journal of Cross-Cultural Psychology*, 33, 464-481.
- Schaufeli, W.B., Salanova, M., Gonzalez-Roma, V. & Bakker, A.B. (2002). The measurement of engagement and burnout: A confirmative analytic approach. *Journal of Happiness Studies*, 3, 71-92.
- Seligman, M.E.P. (1998). Building human strength: Psychology's forgotten mission. *APA Monitor*, 29(1).
- Selye, H. (1967). *Stress in health and disease*. Boston: Butterworth.
- Shaughnessy, J.J. & Zechmeister, E.B. (1997). *Research methods in psychology* (4<sup>th</sup> ed.). New York: McGraw-Hill.
- Smuts, A.J. (1988). Uitbranding in die bediening. *Skrif en Kerk*, 9, 57-74.
- Steyn, H.S. (1999). *Praktiese betekenisvolheid: Die gebruik van effekgroottes*. Wetenskaplike bydraes -Reeks B: Natuurwetenskappe Nr. 117. Potchefstroom: Pu vir CHO.
- Steyn, H. S. (2002). Practical significant relationships between two variables. *South African Journal of Industrial Psychology*, 28(3), 10-15.
- Storm, K. & Rothmann, S. (2003). *Burnout in the South African Police Services*. Poster session presented at the 11<sup>th</sup> European Congress of Work and Organizational Psychology, Lisbon.
- Strümpfer, D.J.W. (1990). Salutogenesis: A new paradigm. *South African Journal of Psychology*, 20, 265-276.
- Strümpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: from 'salutogenesis' to 'fortigenesis'. *South African Journal of Psychology*, 25, 81-89.
- Strümpfer, D.J.W. (2002). *Resilience and burnout: A stitch that could save nine*. Paper presented at the 1<sup>st</sup> National Burnout Conference, Potchefstroom.
- Swart, T. (1999). *Aspekte van uitbranding by predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Ongepubliseerde meestersgraad verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Swart, T. (2002). *Die bestuur van uitbranding by predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.

- Tabachnick, B.G. & Fidell, L.S. (2001). *Using multivariate statistics* (4<sup>th</sup> ed.). Boston, MA: Allyn & Bacon.
- Van Biljon, K. (1997, November). Krisis in pastorieë. *Hervormde Teologiese Studies*, 53, 1052-074.
- Van Graan, J. (2002). *Burnout: The life of a bankrupt generator*. Paper presented at the 1<sup>st</sup> South African Burnout Conference, Potchefstroom.
- Wiese, L. (2002). *Coping, stress, burnout and engagement within the South African Police Service in Kwazulu-Natal*. Ongepubliseerde meestersgraad skripsie, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.
- Winnubst, J. (1993). Organizational structure, social support and burnout. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp.151-162). Washington: Taylor & Francis.
- Zeidner, M. & Endler, N.S. (1996). Preface. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of coping: Theory, research, applications* (pp. xv-xvii). New York: Wiley.

## **HOOFSTUK 3**

### **GEVOLGTREKKINGS, TEKORTKOMINGS EN AANBEVELINGS**

Hierdie hoofstuk bevat gevolgtrekkings wat op grond van die literatuuoroorsig en empiriese ondersoek gemaak kan word. Tekortkomings van die navorsing word aangedui en aanbevelings ten opsigte van die ontwikkeling van salutogene intervensies vir die organisasie word gemaak. Enkele verdere navorsingsmoontlikhede word ten slotte aangedui.

#### **3.1 GEVOLGTREKKINGS**

Die algemene doelstelling van hierdie navorsing was om die vlakke en onderlinge verhoudings van koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering vir predikante van die NH Kerk te bepaal. Koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering kan soos volg uit die literatuur gekonseptualiseer word:

Koherensiesin word as salutogene konstruk vanuit die meer positiewe benadering tot sielkunde gekonseptualiseer. Dit word beskou as stabiele disposisionele karaktereienskap, en wat primêr gedurende die eerste dekade van volwassenheid ontwikkel. Koherensiesin verteenwoordig 'n deurlopende ervaring by die individu dat stimuli vanuit die omgewing gestruktureerd, voorspelbaar en verstaanbaar is; dat voldoende hulpbronne beskikbaar is om die eise wat deur stimuli gestel word te hanteer; dat eise as uitdagings gesien kan word en dat dit die moeite werd is om aandag daaraan te spandeer. 'n Sterk koherensiesin behoort individue in staat te stel om die aard en dimensies van akute of chroniese stressore te begryp, en deur middel van die keuse en aanwending van 'n wye reeks effektiewe coping-strategieë as hanteerbaar te beskou.

Coping verwys na kognitiewe- en gedragsresponse op spesifieke eksterne sowel as interne eise en wat deur die individu as veeleisend ervaar word. Dit kan gesien word as enige respons of poging deur die individu om emosionele distres en wat as potensieel skadelik of veeleisend beoordeel word, te voorkom, vermy of beheer. Daar word onderskei tussen coping as strategie en coping as gevolg of resultaat. Coping as strategie verwys na verskillende metodes wat individue aanwend om sy of haar omstandighede te bestuur, terwyl coping as resultaat

verwys na die eventuele uitkoms van 'n bepaalde strategie. Daar word ook onderskei tussen probleem-gefokusde en emosioneel-gefokusde coping. Eersgenoemde fokus op probleemoplossende optrede om die bron van stres te verander, terwyl laasgenoemde eerder fokus op die hantering van emosionele distres wat met die situasie geassosieer word. Individue wat hoë uitbrandingsvlakke toon, maak merendeels gebruik van passiewe en defensiewe coping-meganismes, terwyl individue wat konfronterende coping-strategieë benut, laer vlakke van uitbranding toon. 'n Sterk koherensiesin behoort dus, via probleemoplossende, aktiewe coping, 'n positiewe rol in die voorkoming en hantering van uitbranding te speel.

Uitbranding word gekonseptualiseer as 'n psigologiese sindroom wat ontstaan as respons op chroniese emosionele en interpersoonlike werkstressore. Drie sleuteldimensies van uitbranding word onderskei, naamlik emosionele uitputting as eerste en mees kenmerkende dimensie, 'n tweede dimensie wat gekenmerk word deur gevoelens van sinisme en afsydigheid (depersonalisasie) en wat kan dien as poging om die uitputtingsdimensie te hanteer, en die ervaring van oneffektiwiteit of onbekwaamheid (persoonlike bereiking) as derde dimensie wat skynbaar parallel met die eerste twee ontstaan. Emosionele uitputting verteenwoordig die individuele stresdimensie van uitbranding en verwys na gevoelens van ooreising en die lediging van emosionele en fisieke hulpbronne. Sinisme (of depersonalisasie) verteenwoordig die interpersoonlike dimensie van uitbranding en verwys na negatiewe, gevoellose of ekstreem-afsydige response op verskeie werksaspekte. Verminderde prestasie of effektiwiteit (persoonlike bereiking) verteenwoordig die dimensie van selfevaluasie en verwys na gevoelens van onbekwaamheid met betrekking tot die werksituasie.

Begeestering (“engagement”) word gekonseptualiseer as die positiewe antitese van uitbranding, en wat as energieke toewyding en selfvertroue tot uitnemende prestasie beskryf kan word. Dit kan as drie-dimensionele konstruk geoperasionaliseer word en as energie (hoë vlakke van energie, gehardheid en volharding), toewyding (hoë vlakke van betrokkenheid, entoesiasme en betekenisvolheid) en absorpsie (hoë vlakke van totale werksverdieping) beskryf word. Begeestering, as positiewe antitese van uitbranding en wat deur hoë vlakke van energie, toewyding en absorpsie gekenmerk word, behoort dus 'n positiewe rol in die voorkoming en hantering van uitbranding te speel, terwyl lae vlakke van begeestering op die omgekeerde dui.

Uit die literatuuroorsig kan die gevolgtrekking gemaak word dat 'n sterk koherensiesin, hoë vlakke van begeestering en probleemoplossende, aktiewe coping-strategieë met verlaagde vlakke van uitbranding in verband gebring kan word. 'n Swak koherensiesin, lae vlakke van begeestering en passiewe coping kan weer met hoë vlakke van uitbranding in verband gebring word.

Die navorsingshipotese van hierdie studie was dat daar prakties betekenisvolle korrelasies tussen koherensiesin, coping, uitbranding en begeestering onder predikante van die NH Kerk bestaan. Die empiriese ondersoek het hierdie navorsingshipotese bevestig. Pearson produk-moment korrelasies het verskeie prakties betekenisvolle verbande tussen die veranderlikes getoon. Koherensiesin hou op positiewe wyse verband met benaderings-coping (probleemoplossende, aktiewe coping), persoonlike bereiking en al die dimensies van begeestering, terwyl dit negatief korreleer met emosionele ontlading (passiewe coping), sowel as emosionele uitputting en depersonalisasie. Dit blyk dus dat predikante wat oor hoë vlakke van koherensiesin beskik, ook meer van benaderings-coping gebruik sal maak, hoër begeestering sal ervaar en minder geneig tot emosionele uitputting en depersonalisasie (en dus uitbranding) sal wees. Benaderings-coping hou verband met persoonlike bereiking, energie en toewyding, terwyl dit 'n inverse verwantskap met emosionele uitputting toon. Predikante wat van benaderings-coping gebruik maak, behoort dus hoër begeestering en minder emosionele uitputting te ervaar. Emosionele ontlading korreleer met emosionele uitputting en depersonalisasie, terwyl dit 'n inverse verwantskap met persoonlike bereiking, energie en toewyding toon. Predikante wat van hierdie passiewe manier van coping gebruik maak, behoort dus ook meer emosionele uitputting en depersonalisasie en laer begeestering te ervaar.

Emosionele uitputting toon 'n verwantskap met depersonalisasie, terwyl beide emosionele uitputting en depersonalisasie 'n inverse verhouding met persoonlike bereiking, energie en toewyding toon. Predikante wat emosioneel uitgeput is, behoort dus ook hoë vlakke van depersonalisasie, maar lae vlakke van begeestering te ervaar, terwyl hoë depersonalisasie as sodanig ook dieselfde effek behoort te hê. Persoonlike bereiking het deurlopend met al die dimensies van begeestering gekorreleer, terwyl die dimensies van begeestering ook onderling met mekaar korreleer. Persoonlike bereiking kan dus moontlik teoreties as 'n begeestering-konstruksie gesien word en is ook in die kanoniese vergelykings as sodanig behandel. Oor die algemeen bevestig die korrelasies wat in hierdie studie verkry is die resultate van ander

uitbrandingsnavorsing (Maslach et al., 2001; Schaufeli & Buunk, 2002; Schaufeli & Enzmann, 1998).

Kanoniese ontledings met koherensiesin en coping as telkens een stel veranderlikes, terwyl uitbranding en begeestering onderskeidelik as tweede stel veranderlikes gedien het, het die resultate hierbo grootliks bevestig. Koherensiesin, benaderings-coping en inverse emosionele ontlading toon 'n positiewe verwantskap met persoonlike bereiking en begeestering, maar 'n negatiewe verband met emosionele uitputting en depersonalisasie. Soeke na sosiale ondersteuning toon egter geen prakties betekenisvolle korrelasies met die ander veranderlikes nie. Dit blyk dus dat sosiale ondersteuning vir instrumentele/emosionele redes en benut as coping-strategie, slegs beperkte waarde in terme van die hantering van uitbranding onder predikante het (Cohen & Wills, 1985; Maslach et al., 2001). Hoë vlakke van koherensiesin en benaderings-coping, maar lae vlakke van emosionele ontlading, kan dus in verband gebring word met hoë vlakke van persoonlike bereiking en begeestering en lae vlakke van emosionele uitputting en depersonalisasie.

Dit wil voorkom of die meer salutogene/fortigene konstrakte van koherensiesin en begeestering met mekaar verband hou en dat persoonlike bereiking en benaderings-coping (as aktiewe probleemoplossende coping en waarin religieuse aspekte 'n rol speel) ook met hierdie konstrakte in verband gebring kan word en wat afsonderlik en gesamentlik 'n rol kan speel in die verlaging van uitbrandingsvlakke. Emosionele ontlading is telkens met uitbranding in verband gebring en dit wil voorkom of hierdie passiewe coping-strategie verband hou met hoër uitbrandingsvlakke. Hierdie bevindings stem ook ooreen met ander uitbrandingsnavorsing (Maslach et al., 2001; Schaufeli & Buunk, 2002; Schaufeli & Enzmann, 1998).

Daar is 'n vergelyking tussen predikante met betrekking tot werkskategorie (volsorg, deelsorg, deelyds en beroepafwagtend) en ouderdom (25-29 jaar, 30-39 jaar, 40-49 jaar en 50-65 jaar) getref. Geen statisties betekenisvolle verskille kon met betrekking tot werkskategorie getoon word nie, maar enkele prakties betekenisvolle verskille is wel onder predikante met betrekking tot ouderdom gevind. Predikante van 25-29 jaar maak meer van soeke na sosiale ondersteuning as al hul ouer kollegas gebruik, terwyl die 50-65 jaargroep hierdie tipe coping minder as die 40-49 jariges gebruik. Daar kon egter geen prakties betekenisvolle korrelasie van hierdie tipe coping met enige van die ander veranderlikes getoon word nie en dit bevestig die opmerking wat hierbo oor hierdie tipe coping-strategie by

predikante gemaak is. Wat emosionele uitputting betref, is predikante van 25-29 jaar minder emosioneel uitgeput as al hul ouer kollegas terwyl die ouderdomsgroep 50-65 jaar minder emosioneel uitgeput is as dominees van 30-39 en 40-49 jaar, maar steeds meer emosioneel uitgeput as jong predikante van 25-29 jaar. Tussen die ouderdomsgroepe 30-39 en 40-49 jaar kon egter geen prakties betekenisvolle verskil ten opsigte van emosionele uitputting gevind word nie. Dit wil dus voorkom of die emosionele uitputtingskurwe by predikante 'n hoogtepunt bereik by ouderdom 30-49 jaar, waarna dit afplat by ouderdom 50-65 jaar, maar steeds hoër bly as by die ouderdomsgroep 25-29 jaar. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Oswald (1995), soos aangehaal deur Swart (2002), dat uitbrandingspersentasies onder predikante na tien jaar in die bediening mag toeneem. Die rede vir die afplatting by 50-65 jaar mag moontlik daaraan toegeskryf word dat predikante wat hoë vlakke van uitbranding beleef het, reeds teen daardie tyd die bediening verlaat het (“survival bias”, Maslach et al., 2001) of intussen geleer het om anders met stressore om te gaan. Wat depersonalisasie betref, kon geen statisties betekenisvolle verskil tussen die verskillende ouderdomsgroepe gevind word nie. Vanweë die relatief klein subgroepe in die steekproefresponse moet hierdie bevinding egter met omsigtigheid geïnterpreteer word.

'n Meervoudige regressieontleding is uitgevoer ten einde te bepaal of koherensiesin en coping gebruik kan word om uitbranding te voorspel. Daar is gevind dat koherensiesin en coping wel emosionele uitputting, depersonalisasie en persoonlike bereiking voorspel. Predikante se uitbrandingsvlakke sal dus gedeeltelik deur hul koherensiesin en coping-strategieë bepaal word. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Malan (2000) en Malan en De Bruin (2001), wat bevind het dat koherensiesin by predikante as buffer-effek teen uitbranding kan dien. Dit wil ook voorkom of emosionele uitputting 'n gedeeltelike voorspeller van depersonalisasie by predikante kan wees. Hierdie bevinding stem ooreen met resultate van ander uitbrandingsnavorsing (Maslach et al., 2001).

### **3.2 TEKORTKOMINGS**

Tekortkomings van hierdie studie het eerstens te doen met die steekproef. Alhoewel aanvanklik 'n steekproef van  $n = 200$  predikante uit die totale getal predikante van  $N = 361$  (55%) getrek is, is response van slegs  $n = 90$  (45%) terugontvang, waarvan  $n = 87$  uiteindelik gebruik kon word. Daar was dus sprake van steekproefsydigheid in die respons. Waarskynlik

ly die steekproefpersone wat nie gereageer het nie (n = 110, 55%), aan hoër vlakke van uitbranding as die groep wat wel gereageer het. Die steekproef was relatief klein en subgroepe daarom ook noodwendig te klein om met sekerheid gevolgtrekkings oor verskille tussen subgroepe te maak.

'n Verdere tekortkoming het te doen met die navorsingsontwerp. Daar is gebruik gemaak van 'n nie-eksperimentele (korrelasionele) opname-ontwerp wat bekend staan as die dwarsnee-ontwerp en wat meting op 'n enkele tydstip behels. Die spesifieke navorsingsontwerp maak egter nie voorsiening vir kousale gevolgtrekkings nie. Alhoewel korrelasies dus aangetoon kan word, kan gevolgtrekkings oor die rigting van verwantskappe nie gemaak word nie.

'n Laaste tekortkoming het te doen met die metingsvlakke wat van die veranderlikes verkry is. Vergelykende norms vir predikante in Suid Afrikaanse konteks as spesifieke beroepsgroep is nog nie vasgestel nie, met die gevolg dat daar nie met sekerheid afleidings ten opsigte van die spesifieke groep predikante se metingsvlakke gemaak kon word nie.

### **3.3 AANBEVELINGS**

#### **3.3.1 Aanbevelings vir die organisasie**

Predikante is 'n hoë risiko beroepsgroep ten opsigte van uitbranding. 'n Kwalitatiewe loodsstudie bestaande uit fokusgroeponderhoude en wat in opdrag van die AKV (1992) onder predikante van die NH Kerk onderneem is, het getoon dat daar verskeie stressore van verskillende aard op predikante van die kerk inwerk en wat nie altyd genoegsaam hanteer word nie (Van Biljon, 1997). Die loodsstudie het getoon dat hierdie stressore waarskynlik 'n invloed op bedankings by predikante het en was ook die rede waarom die navorsers gehoop het om 'n effektiewe strategie met die oog op die skepping van 'n salutogene kultuur in die kerk te fasiliteer (Van Biljon, 1997). Stressore strek oor verskeie lewensdomeine met 'n bepaalde oorvloei-effek tussen domeine (Hobfoll & Freedy, 1993; Leiter & Durup, 1996; Maslach et al., 2001). Stres en stresverwante ervarings (soos uitbranding) sal dus in die Kerk as geheelprobleem hanteer moet word om 'n salutogene impak op sowel die organisasie, die verskillende werks- en sosiale groeperings, en die individu te hê. Navorsing het getoon dat, alhoewel dispositionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling 'n invloed op

uitbranding het, organisatoriese en situasionele faktore waarskynlik 'n groter invloed op sowel die ontstaan as hantering van uitbranding sal uitoefen.

Hierdie studie het egter die verband tussen disposisionele aspekte van individuele persoonlikheidsamestelling met uitbranding vanuit 'n salutogene/fortigene paradigma ondersoek. Vanuit hierdie navorsing kan aanbeveel word dat predikante deur verskeie metodes eerstens van stres en stresverwante ervarings (waaronder uitbranding) bewus gemaak sal moet word; verder om die simptome van uitbranding te herken en 'n begrip te hê van die etiologie en korrelasie van uitbranding met verskeie faktore.

Koherensiesin kan op positiewe wyse met begeesting teenoor uitbranding in verband gebring word. Die Kerk sal verdere navorsing oor die funksionering van koherensiesin in terme van begeesting en uitbranding by predikante moet laat doen. Aangesien koherensiesin volgens Antonovsky (1979, 1987) tydens die eerste dekade van vroeë volwassenheid ontwikkel, sal metodes ondersoek moet word oor hoe om die konstruk by teologiese studente en jong predikante te ontwikkel. Dit mag aspekte van persoonlikheidsontwikkeling deur individuele- en groepsintervensies, sowel as mentorskappe insluit. Verder sal intervensies met die oog op die instandhouding van koherensiesin en deur die vestiging van 'n meer salutogene organisasiekultuur (sodat stimuli uit die organisasie-omgewing as meer verstaanbaar, hanteerbaar en betekenisvol vertolk kan word), ondersoek moet word. Koherensiesin kan ook as konstruk by die aanvanklike keuring van teologiese kandidate dien (Malan, 2000).

Benaderings-coping (aktiewe, probleemoplossende coping) is deurlopend met laer vlakke van uitbranding in verband gebring, terwyl Emosionele Ontlading (passiewe coping) met hoër vlakke van uitbranding verbind is. Aandag kan in die aanvanklike opleiding sowel as tydens voortgesette begeleiding in die amp aan verskillende coping-strategieë en die korrelasie van coping met uitbranding gegee word. Dit sluit die ontleding van individuele coping-strategieë sowel as die ontwikkeling van nuwe metodes van meer effektiewe coping in. Waarskynlik sal die ontwikkeling van spiritualiteit as dimensie van coping ook hierby ingesluit moet word, aangesien dit blykbaar deel vorm van effektiewe coping by predikante.

Begeesting word as positiewe antitese van uitbranding beskou en kan moontlik, soos koherensiesin, dien as buffer-effek teen uitbranding. Metodes om begeesting te versterk sal

ondersoek en geïmplementeer moet word. Intervensies sal waarskynlik op individuele-, sowel as groeps- en organisasievlak moet plaasvind om effektief te wees, aangesien die individu se houding teenoor sy beroep, maar ook die aard en inrigting van die werk as sodanig ter sprake kom.

### **3.3.2 Aanbevelings vir verdere navorsing**

- Verdere navorsing met betrekking tot die kousale verwantskappe tussen veranderlikes en met betrekking tot uitbranding onder predikante sal gedoen moet word, ten einde empiries te bepaal watter veranderlikes uitbranding veroorsaak en wat die kousale dinamika van die veranderlikes onderling is.
- Longitudinale studies sal aangepak moet word om te bepaal of daar 'n direkte verband tussen uitbranding en bedankings onder predikante is.
- Verdere kwalitatiewe navorsing sal in verband met predikante wat met siekte-emeritaat uit die bediening getree het gedoen moet word, met die oog op die ontwikkeling van 'n salutogene kultuur vir die Kerk.
- Navorsing met voor- en nametings oor uitbrandingvlakke en gekoppel met kontrolegroepe sal rondom programme met die oog op die versterking van koherensiesin, benutting van meer konfronterende coping-strategieë en verhoging van begeestering gedoen moet word.
- Longitudinale en wetenskaplik gekontroleerde navorsing oor organisatoriese/situasionele intervensies met betrekking tot die hantering van uitbranding en met die oog op die kultivering van 'n salutogene benadering sal gedoen moet word.

## BRONNELYS

- Antonovsky, A. (1979). *Health, stress and coping*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1987). *Unraveling the mystery of health: How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1993). The structure and properties of the Sense of Coherence Scale. *Social Science and Medicine*, 36, 725-733.
- Arbuckle, J.L. (1997). *Amos user's guide version 4.0*. Chicago, IL: Smallwaters Corporation.
- Basson, M.J. & Rothmann, S. (2002). *Sense of coherence, coping and burnout of pharmacists*. Poster session presented at the 1<sup>st</sup> South African Burnout Conference, Potchefstroom.
- Basson, W.D., Basson, M.J., Rothmann, S. & Rothmann, J.C. (2001). *Sense of coherence, coping and burnout of pharmacists: Implications for competency development*. Paper presented at the 44<sup>th</sup> Annual General Meeting and the 15<sup>th</sup> Conference of SAAHIP.
- Cartwright, S. & Cooper, C.L. (1996). Coping in occupational settings. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of coping: Theory, research, applications* (pp. 202-220). New York: Wiley.
- Carver, C.S., Scheier, M.F., & Weintraub, J.K. (1989). Assessing coping strategies: A theoretically based approach. *Journal of Personality and Social Psychology*, 56, 267-283.
- Clark, L.A. & Watson, D. (1995). Constructing validity: Basic issues in objective-scale development. *Psychological Assessment*, 7, 309-319.
- Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioral sciences* (2<sup>nd</sup> ed.). Hillsdale, NJ: Lawrence Erlbaum & Associates.
- Cohen, S. & Wills, T.A. (1985). Stress, social support, and the buffering hypothesis. *Psychological Bulletin*, 98, 310-357.
- Delport, J.P. (1990). *Attributional distortions in burnout: A correlational study amongst ministers of religion*. Ongepubliseerde meestersgraad verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, Port Elizabeth.
- Geurts, S. & Gründemann, R. (1999). Workplace stress and stress prevention in Europe. In M. Kompier & C. Cooper (Eds.), *Preventing stress, improving productivity: European case studies in the workplace* (pp. 9-32). New York: Routledge.

- Hobfoll, S.E. & Freedy, J. (1993). Conservation of resources: A general stress theory applied to burnout. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 115-129). Washington: Taylor & Francis.
- Huysamen, G.K. (1998). *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Halfweghuis: Thomson Publishing.
- Karasek, R. & Theorell, T. (1990). *Healthy work: Stress, productivity and the reconstruction of working life*. New York: Basic Books.
- Kleinke, C.L. (1998). *Coping with life challenges*. San Francisco: Brooks/Cole.
- Kompier, M. & Cooper, C. (1999). Introduction: Improving work, health and productivity through stress prevention. In M. Kompier & C. Cooper (Eds.), *Preventing stress, improving productivity: European case studies in the workplace* (pp. 1-8). New York: Routledge.
- Krohne, H.W. (1996). Individual differences in coping. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of coping: Theory, research, applications* (pp. 381-409). New York: Wiley.
- Lazarus, R.S. & Folkman, S. (1984). *Stress, appraisal and coping*. Broadway, NY: Springer Publishing.
- Leiter, M.P. (1991). Coping patterns as predictors of burnout: The function of control and escapist coping patterns. *Journal of Organizational Behavior*, 12, 123-144.
- Leiter, M. P. (1993). Burnout as a developmental process: Consideration of models. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 237-250). Washington: Taylor & Francis.
- Leiter, M.P. & Durup, M.J. (1996). Work, home, and in-between: A longitudinal study of spillover. *The Journal of Applied Behavioral Science*, 32, 29-47.
- Malan, I.A. (2000). *Die verwantskap tussen koherensiesin, psigologiese uitbranding en werkstevredenheid by predikante*. Ongepubliseerde meestersgraad verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Malan, I.A. & De Bruin, G.P. (2001). Die verwantskap tussen koherensiesin, uitbranding, werkstevredenheid en voorneme om te bedank by predikante. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 42, 357-368.
- Maslach, C. & Jackson, S.E. (1986). *Maslach Burnout Inventory* (2<sup>nd</sup> ed.). Palo Alto, CA: Consulting Psychologists Press.
- Maslach, C., Schaufeli, W.B. & Leiter, M. P. (2001). Job burnout. *Annual Review of Psychology*, 52, 397-422.

- Nunnally, J.C. & Bernstein, I.H. (1994). *Psychometric theory* (3<sup>rd</sup> ed.). New York: McGraw-Hill.
- Odendal, F.J. (1984). *Die predikant en uitbranding: 'n Sielkundige ondersoek*. Ongepubliseerde meestersgraad skripsie, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Oswald, R.M. (1995). *Clergy self-care. Finding a balance for effective ministry*. New York: The Alban Institute.
- Pines, A.M. (1993). Burnout: An existential perspective. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp. 33-51). Washington: Taylor & Francis.
- Redelinghuys, D.B. (1992). *Die verband tussen stres en uitbranding by kindersorgskoolonderwysers*. Ongepubliseerde meestersgraad verhandeling, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.
- Roos, N.J. & Möller, A.T. (1989). *Stres: Hanteer dit self*. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Rothmann, S. (2000, July). *Sense of coherence, locus of control and job satisfaction*. Paper presented at the 27<sup>th</sup> International Congress of Psychology, Stockholm.
- Rothmann, S. (2002). *Descriptive research*. Ongepubliseerde Klasnotas, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom.
- Rothmann, S., Malan, A.M. & Rothmann, J.C. (2001). *Sense of coherence, coping and burnout in a corporate pharmacy group*. Paper presented at the 7<sup>th</sup> Annual PsySSA Conference, Johannesburg.
- Rothmann, S. & Storm, K. (2003). *Work engagement in the South African Police service*. Poster session presented at the 11<sup>th</sup> European Congress of Work and Organizational Psychology, Lisbon.
- SAS Institute. (2000). *The SAS System for Windows: Release 8.01*. Cary, NC: SAS Institute Inc.
- Schaufeli, W.B. & Buunk, B.P. (2002, March). *Burnout: An overview of 25-years of research and theorizing*. Paper presented at the 1<sup>st</sup> South African Burnout Conference, Potchefstroom.
- Schaufeli, W. & Enzmann, D. (1998). *The burnout companion to study and practice: A critical analysis*. Padstow, UK: Taylor & Francis.
- Schaufeli, W.B., Martinez, I.M., Pinto, A.M., Salanova, M. & Bakker, A.B. (2002, September). Burnout and engagement in university students: A cross-national survey. *Journal of Cross-Cultural Psychology*, 33, 464-481.

- Schaufeli, W.B., Salanova, M., Gonzalez-Roma, V. & Bakker, A.B. (2002). The measurement of engagement and burnout: A confirmative analytic approach. *Journal of Happiness Studies*, 3, 71-92.
- Seligman, M.E.P. (1998). Building human strength: Psychology's forgotten mission. *APA Monitor*, 29(1).
- Shaughnessy, J.J. & Zechmeister, E.B. (1997). *Research methods in psychology* (4<sup>th</sup> ed.). New York: McGraw-Hill.
- Smuts, A.J. (1988). Uitbranding in die bediening. *Skrif en Kerk*, 9, 57-74.
- Steyn, H.S. (1999). *Praktiese betekenisvolheid: Die gebruik van effekgroottes*. Wetenskaplike bydraes – Reeks B: Natuurwetenskappe Nr. 117. Potchefstroom: Pu vir CHO.
- Steyn, H. S. (2002). Practical significant relationships between two variables. *South African Journal of Industrial Psychology*, 28(3), 10-15.
- Storm, K. & Rothmann, S. (2003). *Burnout in the South African Police Services*. Poster session presented at the 11<sup>th</sup> European Congress of Work and Organizational Psychology, Lisbon.
- Strümpfer, D.J.W. (1990). Salutogenesis: A new paradigm. *South African Journal of Psychology*, 20, 265-276.
- Strümpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: from 'salutogenesis' to 'fortigenesis'. *South African Journal of Psychology*, 25, 81-89.
- Strümpfer, D.J.W. (2002). *Resilience and burnout: A stitch that could save nine*. Paper presented at the 1<sup>st</sup> National Burnout Conference, Potchefstroom.
- Swart, T. (1999). *Aspekte van uitbranding by predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Ongepubliseerde meestersgraad verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Swart, T. (2002). *Die bestuur van uitbranding by predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Tabachnick, B.G. & Fidell, L.S. (2001). *Using multivariate statistics* (4<sup>th</sup> ed.). Boston, MA: Allyn & Bacon.
- Van Biljon, K. (1997, November). Krisis in pastorieë. *Hervormde Teologiese Studies*, 53, 1052 - 1074.
- Van Graan, J. (2002). *Burnout: The life of a bankrupt generator*. Paper presented at the 1<sup>st</sup> South African Burnout Conference, Potchefstroom.

- Wiese, L. (2002). *Coping, stress, burnout and engagement within the South African Police Service in Kwazulu-Natal*. Ongepubliseerde meestersgraad skripsie, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.
- Winnubst, J. (1993). Organizational structure, social support and burnout. In W.B. Schaufeli, C. Maslach & T. Marek (Eds.), *Professional burnout: Recent developments in theory and research* (pp.151-162). Washington: Taylor & Francis.
- Zeidner, M. & Endler, N.S. (1996). Preface. In M. Zeidner & N.S. Endler (Eds.), *Handbook of coping: Theory, research, applications* (pp. xv-xvii). New York: Wiley.